# Die Matie

SELFSTANDIGE MONDSTUK VAN STELLENBOSSE STUDENTE SEDERT 1941

Nr 2 GRATIS OP KAMPUS VERSPREI DONDERDAG 23 SEPTEMBER 1993



Die kampus se menings oor sensuur



p5


# Só lyk nuwe Neelsie

**Veranderinge aan die Langenhoven Studentesentrum (LSS) wat nou al vir meer as drie jaar lank in die beplanningsfase is, sal volgende jaar realiseer.**

Deur Anna-Retha Kriel




'n Kunstenaarsvoorstelling van die kelderverdieping van die nuwe Neelsie. Hier die verdieping sal geleë wees op die vlak waar onder andere die voertuigpoel en wassery tans is.

DIE LSS sluit op 15 Desember 1993 en bouwerk sal vanaf Januarie tot Oktober 1994 aan die sentrum plaasvind. 'n Bedrag van R13,5 miljoen is reeds deur die Universiteitsraad vir die projek goedgekeur.

Volgens die Viserektor (Bedryf), prof Christo Viljoen, is daar vir die herinrigting van die sentrum 'n Beleggingspoel gestig, waartoe die Universiteit self 'n bydrae van R3 miljoen sal maak. Hierdie bedrag sal aangewend word vir die nie-gekommersialiseerde gedeelte in die gebou wat vir studente-aktiwiteite gebruik gaan word en kom uit die subsidie vir vaste bates (hulpondernemings) wat deur die staat aan universiteite voorsien word.

"Die R3 miljoen is minder as die helfte van wat dit die US na raming sou gekos het indien die LSS bloot heringerig en soos in die verlede deur die Universiteit self bedryf sou word," het prof Viljoen gesê. Hy het ook gesê dat die res van die lening uit huurinkomste gefinansier word sonder enige bykomstige koste vir die US of die studente.

Volgens die voorsitter van die Projekkomitee, mnr Willem Roos, is daar vooraf goeie marknavorsing gedoen en hy het die projek as "baie lewensvatbaar" bestempel. Die huidige LSS het vir die vorige finansiële jaar 'n bedryfsverlies van R320 000 getoon. Prof Viljoen het gesê dat "'n ietwat groter verlies" vanjaar verwag word.

Die nuwe sentrum sal uit vier vlakke bestaan, naamlik die kelderverdieping, die grondvlak, die eerste vloer en die tweede vloer. 'n Atrium sal op die kelderverdieping gebou word met plek vir 'n verhoog en sit- en eetplek vir 'n duisend mense. Daar sal vanaf die grondvloer en die eerste vloer afgekyk kan word op hierdie area. 'n Glashyser sal tussen die verskillende vlakke beweeg.

'n Verskeidenheid koswinkels sal op die kelderverdieping ingerig word. Volgens die SR-lid vir die portefeulje LSS, mnr Stephan Claassen, sal 'n groot verskeidenheid van voedsel hier beskikbaar wees. "Daar sal nie net groot borde kos beskikbaar wees nie, maar ook meer wegneemetes en gesondheidskos," het hy gesê. Hy het gesê dat mededinging tussen die besighede, sowel as druk vanaf studente die pryse billik sal hou.

Mnr Claassen het bygevoeg dat voedsel vir privaatstudente by Plakkies by die Ingenieurswesegebou deur 'n privaatmaatskappy verskaf sal word solank as wat verbouings aan die gang is. Hierbenewens sal daar ook eetplekke by een of twee ander, meer sentrale, geboue op kampus ingerig word. Studentekaart-fassiliteite by hierdie eetplekke sal waarskynlik beskikbaar wees.

Die Loopgang sal plek maak vir twee rolprentteaters, met onderskeidelik plek vir 99 en 118 toeskouers. Wat hierdie teaters uniek gaan maak, is die feit dat première-vertonings hier gewys gaan word. Studente wat tussen die Rooi Plein na die koshuise wil beweeg, sal dan deur die LSS loop.

Die vlak wat tans onder meer die Sanlam- en Vroueverenigingsale huisves, sal die eerste vloer vorm. Die kantore van onder meer die SR en privaatwyke sal op die tweede vloer gehuisves word.

Die kantore van organisasies soos die SR, die Intervarsity- en Karnavalkomitees asook *Die Matie* sal in 1994 in die Lückhoff-skool in Banghoekweg gehuisves word terwyl verbouings by die sentrum aan die gang is. 'n Bedrag van R10 000 is begroot vir die skep van tydelike fassiliteite by hierdie gebou.

Personeellede van die US wat tans by die LSS werksaam is, sal volgens mnr Claassen sover as moontlik in ander posisies aangestel word. "Die Universiteit sal alles in hulle vermoë doen om te sorg dat niemand hulle werk verloor nie," het hy gesê.

Volgens mnr Faan Engelbrecht, Streekbestuurder van Sanlam Eiendomme - die eienaars van die Trust Bank-sentrum in Stellenbosch - sal die omskepping van die studentesentrum in 'n winkelkompleks ongetwyfeld koopkrag uit die sentrale sakegebied van Stellenbosch trek en sodoende kleinhandelsake in die middedorp benadeel.

"In beginsel is Sanlam Eiendomme nie gekant teen kompetisie tussen eienaarsontwikkelaars nie. Die voorwaarde is egter dat die speelveld gelyk moet wees wat betref aspekte soos eiendomsbelasting en maatskappybelasting," het hy gesê.

Prof Viljoen het gesê winkels in die nuwe LSS sal deur privaatinstansies bedryf word. "Die universiteit self sal dus op geen onbillike wyse met winkels op Stellenbosch meeding nie," het prof Christo Viljoen gesê. "Etlike van die instansies wat daarin belang stel om ruimte in die nuwe LSS te huur, sal inderdaad takke wees van bestaande besighede in die middedorp. Dit bring noodwendig 'n verskuiwing van sake-aktiwiteite mee, maar die geld sal nog steeds op Stellenbosch self spandeer word."





Hoe suur is die sensuur? Stellenbosch

D/N I



Hoe gaan 'n nuwe weermag opgebou word?

p8



Die US se oorbruggingsprogramme

p2





# US stroomlyn vir toekoms

Deur Pieter Bruwer

"DIE MEGANISMES om institusionele verantwoording af te dwing moet steeds in die universiteitstelsel geskep word en moet nie die resultaat van sentrale beplanning en owerheidsingryping wees nie. Die sekerste manier om die universiteitstelsel te vernietig, sal die sware hand van die owerheid wees," het die Rektor en Vise-kanselier, prof Andreas van Wyk, verlede Vrydagaand in sy inhuldigingsrede gesê.

Prof Van Wyk is op sy 52ste verjaardag deur die kanselier, dr Jan van der Horst, ingehuldig as rektor en vise-kanselier van die US.

Volgens prof Van Wyk is een van die vereistes vir die suksesvolle funksionering van die US onder 'n nuwe regering die behoud van universitêre outonomie. "Daar is inderdaad tans mense in hierdie land, selfs in ons universitêre stelsel, wat die verbasende stelling maak dat ons universiteite te veel outonomie het. Ek wil vra dat daardie mense uit die foute van ons geskiedenis leer. Mens kan maar net dink aan die impak wat inbreukmaking op outonomie in die verlede op ons universiteitstelsel gehad het," het prof Van Wyk gesê.

Volgens prof Van Wyk behoort die huidige politieke prosesse in Suid-Afrika 'n staatkundige bedeling tot stand te bring wat ook vir die US voldoende ruimte sal bied om homself te posisioneer en om sy opdrag soos dit daar uitsien, uit te voer. "Ek dink dit sal 'n kwade dag wees indien in 'n nuwe Suid-Afrika die sware hand van sentrale beplanning op universiteite afgedwing sou word, en die wêreldwye tendens om diversiteit in die universitêre sektor te erken en aan te moedig , nie ook by ons gevolg sou word nie," het hy gesê.

"As ons na die Universiteit van Stellenbosch as 'n Afrikaanstalige instelling kyk, dan vloei hierdie uitgangspunt uit 'n getrouheid aan ons geskiedenis en aan ons voorgangers. Terselfdertyd is dit ook 'n bewys van ons vertroue in die rol van Afrikaans as 'n brugbouer en as 'n integrerende deel van ons land se diverse toekoms. Ons verbintenis tot Afrikaans is 'n inklusiewe een, waardeur ons juis so 'n breë spektrum as moontlik van ons samelewing wil bedien," het hy bygevoeg.

Volgens prof Van Wyk gaan die US intensief betrokke raak by oorbruggingskursusse vir studente wat agterstande het, sowel as by algemene hulpverlening aan studente met beduidende agtergrondprobleme. Prof Van Wyk het gesê die US wil hierdie aksie nie net in eie geledere begin nie, maar wil ook betrokke raak by ander instellings wat ondersteuning aan sulke studente kan verskaf.

Die buitemuurse afdeling in Bellville, wat die afgelope paar jaar 'n relatiewe sukkelbestaan voer, word geheraktiveer deur 'n B Econ-kursus van 'n totaal nuwe aard wat daar aangebied word, in 'n poging om 'n ander mark te bereik.

Volgens prof Van Wyk moet die onderwysstelsel ook 'n bydrae tot die hantering van ander probleme lewer, byvoorbeeld die aanspreek van ongelykhede. Daar is 'n hele aantal vereistes vir die suksesvolle ontwerp van 'n toekomstige universiteitstelsel, byvoorbeeld die erkenning van institusionele diversiteit en mobiliteit tussen instellings. "So 'n stelsel moet nasionale prioriteite in ag neem, maar sal ongetwyfeld ook streek- en plaaslike elemente in ag moet neem," het hy gesê.



Prof Andreas van Wyk word deur die Kanselier van die US, dr Jan van der Horst, ingehuldig. Foto: DIE BURGER

# Ghandi op kampus

Deur Anna-Retha Kriel

PROF RAJMOHAN GHANDI, kleinseun van die bekende Mahatma Ghandi, het Dinsdagmiddag in die gemeentesentrum van die Studentekerk 'n gehoor van gemeentelede en ander belangstellendes toegespreek.

In sy toespraak het prof Ghandi gesê mense in Suid-Afrika moet leer om met mekaar te kommunikeer en nie net die negatiewe dinge in ander raak te sien nie, ten einde vrede in die land te bewerkstellig. Hy het gesê boekekennis alleen is nie goed genoeg nie en dat mense meer aktief van andere te wete moet probeer kom.

Volgens prof Ghandi ondervind Indië en Suid-Afrika soortgelyke probleme. "As ons die verlede gaan omdelf om die bitterheid te versprei, word ons slawe van die verlede," het prof Ghandi in sy toespraak gesê. Hy het gesê hy nie altyd sonder meer saam met wat sy bekende oupa gesê het nie.



Prof Rajmohan Ghandi

Foto: SAREL VAN DER WESTHUIZEN

# Man dreig met chaos op Bos

Deur Pieter Bruwer

'n MAN wat beweer hy is "tweede in bevel van Apla" het verlede Maandagoggend die Polisie, die US, skole en sakeondernemings met moontlike aanvalle gedreig.

Die man, wat die polisie verlede Maandagoggend om 08:30 die eerste keer geskakel het, het gesê taxi's en "die boeregemeenskap" sal in die komende week aangeval word. Die slagspreuk "One boer, one bullet" is verskeie kere in sy dreigement herhaal.

Die polisie se teenwoordigheid is gedurende verlede week in die dorp verskerp en die middedorp is deurlopend met 'n helikopter en Nyalas dopgehou. "Mense moet hulle nie aan enige gerugte steur of paniekbevange raak nie. Die polisie is gereed en kan enige gebeure die hoof bied," het die stasiebevelvoerder, maj Sakkie van Zyl, gesê.

Die nodige waarneming word by restaurante en skole gedoen en verskeie buitepaaie word gepatroleer, maar geen aanvalle is tot gerapporteer nie.

# Kultuur belangrik vir nuwe SA

DIE SR-LID vir Kultuur en Media, mnr Wicus Pretorius, en twee hoofredaksielede van *Die Matie*, Anna-Retha Kriel en Danie Steenkamp, het gedurende die naweek die US by 'n nasionale kultuurberaad by die Fort Hare Universiteit in Ciskei verteenwoordig. Die doel van dié beraad was om 'n nasionale kultuurliggaam te stig waaraan alle universiteite en technikons in Suid-Afrika kan behoort.

Alhoewel die program by Fort Hare veronderstel was om reeds vroeg die Vrydagoggend te begin, is die eerste vergadering eers om 15:30 die middag gehou.

Een van die gassprekers by dié vergadering, prof Mzamane van die Fort Hare Universiteit, het oor die rol wat kultuur in die toekoms in Suid-Afrika te speel het, gepraat.

Hy het onder meer gesê 'n gees van verdraagsaamheid moet in die land gekweek moet word. "Daar moet gewaak word daarteen dat die era van Apartheid nie gevolg word deur Nuwe Apartheid in plaas van Post-Apartheid nie," het prof Mzamane gesê. Hy het ook die rol wat vroue in Suid-Afrika te speel het, beklemtoon en gesê die mees dramatiese veranderinge in die land was dié waartoe vroue 'n aktiewe bydrae gelewer het.

Omdat daar slegs verteenwoordigers van universiteite en technikons van die Wes- en Oos-Kaaplandstreke en Ciskei teenwoordig was, kon 'n kultuurliggaam verteenwoordigend van alle tersiêre inrigtings in die land nie geskep word nie. Die planne vir die kultuurberaad moes dus drasties verander word.

Volgens mnr Pretorius het 'n paar organisatoriese probleme gedurende die naweek opgeduik. "Teen laat Vrydagaand was daar nog probleme met akkommodasie en die agenda vir die verrigtinge is gekanselleer, met die oog op 'n nuwe agenda wat die volgende dag beplan moes word. Die beraad sou egter oorspronklik reeds die volgende dag ten einde loop." Mnr Pretorius het verder gesê die R300 wat elke genooide inrigting moes saambring, gemotiveer is as dat dit 'n R150 affiliasiefooi vir die nasionale kultuurliggaam en R150 vir verblyf en kos insluit. Hierdie bedrag was dieselfde vir die 120 studente van UWK en die drie van Stellenbosch.

Daar is ook besluit dat kultuurorganisasies wat in dieselfde streek val, in die vervolg sal skakel en volgens mnr Pretorius sal die US met UWK, die Skiereiland Technikon en ander inrigtings in die Wes-Kaapstreek in verbinding tree.

# NUUSFLITSE

## Joernaliste na Taiwan

VIER Suid-Afrikaanse joernalistiekstudente het onlangs op uitnodiging van die Universiteit van Chengchi (Taiwan), by die Taiwanese Departement van Inligting en die Chinese Jeugkorporasie 'n seminaar oor Chinese kultuur in Taipei bygewoon.

Helena Reid van die US, Msizi Kuhlane van Rhodes Universiteit, Thabo Mabaso van die Kaapse Technikon en Vuyo Mntuyedwa van die Durbanse Technikon was deel van 'n groep van 44 studente van 22 lande wat die seminaar bygewoon het.

Die studente het die Departement van Joernalistiek van die Universiteit van Chengchi, asook van die plaaslike televisie- en radiostasies, besoek. Verder het hulle ook lesings oor Chinese skilderkuns, musiek, geskiedenis en filosofie bygewoon.

Die seminaar het dit ten doel gestel om beter begrip te kweek vir die Taiwansituasie, asook om beter verhoudinge met mense van ander rasse en kulture aan te knoop. - *Helena Reid*

## Egpaar speel dokter-dokter

DIE US gaan in Desember vir die eerste keer 'n egpaar gesamentlik met eredoktersgrade vereer. Mnr Gawie en me Gwen Fagan sal albei die graad D Phill ontvang. Dié egpaar het onder meer die restourasie van die Kasteel en dele van die Waterfront as argitektoniese projekte aangepak.

Volgens die rektor, prof Andreas van Wyk, sal 'n ere-doktorsgraad in Natuurbewaring aan die natuurkundige dr Douglas Hey toegeken word. Hy word vereer vir die baanbrekersrol wat hy in die ontwikkeling van natuur- en omgewingsbewaring in die Kaap gespeel het, asook die stimulering van openbare belangstelling in en ondersteuning vir bewaring in Suid-Afrika.

Dié grade sal by die laaste gradeplegtigheid in Desember toegeken word. - *Anna-Retha Kriel*

## Student in hof oor wapen

'N DERDEJAARSTUDENT is onlangs skuldig bevind op 'n klag van onwettige besit van 'n ongelisensieerde vuurwapen, maar is van vervolging kwytgeskeld nadat hy berou oor die oortreding uitgespreek het en hy hom vrywilliglik vir gemeenskapsdiens aangemeld het. Die feit dat hy geen vorige oortredings gehad het nie, is ook ter versagting van die vonnis in ag geneem.

Volgens die student, wat verkies om anoniem te bly, het die polisie gereageer op 'n anonieme oproep wat deur 'n mede-student aan hulle gemaak is.

"Die rede hoekom ek die wapen aangeskaf het, was omdat ek gereeld op die N2 moet ry en onveilig gevoel het," het hy gesê. "My meisie het ook weens veiligheidsredes soms die wapen by haar gehad." - *Anna-Retha Kriel*

## Mans gevang op Minerva-afdak

VOLGENS die hoof van Kampusbeheer, mnr Johan Victor, is twee mans op 14 September op die afdak van Minerva se kombuis gewaar waar hulle gepoog het om die koshuis te betree met die waarskynlike doel om van die vrouestudente te besoek. Kampusbeheer is ontbied en die twee mans is by die koshuis gevang.

Die mans, wat nie studente is nie, is intussen voor die hof gedaag en die saak is uitgestel tot 'n latere datum vir verdere verhoor.

Me Niemann, die inwonende hoof, het gesê dat dit 'n "interne sakie" is en wou nie verdere kommentaar lewer nie. - *Leoni Molenaar*

# Redaksielys

**Hoofredakteur:** Willem Kempen, Colignystr 8, tel 88 79231
**Assistent-hoofredakteurs:** Sybrandus Adema, Cluverweg 2, tel 73786, Liza Stewart, Rattray 14, tel 88 72029
**Nuusredakteur:** Anna-Retha Kriel, Kaneelsingel 19, tel 88 72482
**Nuus-subredakteurs:** Marius de Jager, Parkhof 1, tel 88 78305, Pieter Bruwer, Majuba, tel 88 73725
**Verslaggewers:** Adél de Villiers, Ebbe Dommisse, Riekie-Louise Human, Alvo Kotze, Gisela Marx, Leoni Molenaar, Pierre Oosthuizen, Anita Tromp, Lydia van Niekerk, Caryn Voigt, Zelda Weitz
**Aktueelredakteur:** Marelize Görgens, Harmonie, tel 88 32182
**Aktueel-subredakteurs:** Liza Albrecht, Die Berke 21, Nicola Schoeman, Lydia, tel 88 79368, Albert Buckle, Dagbreek, tel 880 9962
**Verslaggewers:** Wilma Groenewaldt, Rykie Steenkamp, Raymond Ellis, Michael Jonas, Charlotte Brink
**Interkampusredakteur:** Danie Steenkamp, Eendrag, tel 880 9949
**Interkampus-subredakteur:** Ewald Kellerman, Eendrag, tel 880 9949
Verslaggewers: Janice Henning, Karen Smith
**Meningsredakteur:** Riekie-Louise Human, Irene, tel 883 2201
**Dag-en-Nag-redakteur:** Johan van Zyl, Dennehof 2, Hofmeyrstr, tel 88 75941
**Dag-en-Nag-subredakteurs:** Tania Botha, Langenhovenstr 19, tel 887 9246, Walter Buchholz, Hofmeyrstraat 11, tel 887 0446
**Verslaggewers:** Keith Bain, Gwyneth Bowmer, Carey Bremridge, Nicola Buchanan-Clarke, Kobus Burger, Elouise Coetzee, Sarita de Waal, Louise Erasmus, Liza Grobler, Ryan Hitchcock, Francois Jordaan, Jean Jordaan, Daleen Lordan, Nichola Meyer, Adélle van Wyk, Wilani van Wyk, Herman Wasserman
**Sportredakteurs:** Pippa Schoeman, Hys Mys, Murraystraat 1, tel 886 6535; Laetitia van der Merwe, Gihonstr 7, Eden, Paradyskloof, tel 880 0858
**Sport-subredakteur:** Laurika Laubscher, Erica, tel 886 6425
**Verslaggewers:** Chris Carroll, Barbara Meyer
**Spotprenttekenaar:** Joe Dog
**Grafiese kunstenaars:** Francois Jordaan, Coret Myburgh
**Advertensiebestuurder:** Louis Broodryk, Prinspark 54, tel 887 4079, Nichola Laubscher, Erica, tel 886 6425
**Fotograwe:** Adrian Huyshamer, Sarel van der Westhuizen, Alwyn van Wyk, Helena van Zyl
**Die Matie:** Van der Bylstraat 9, tel 88 72332, faks 886 5979, na ure 886 5979

# SR nou voltallig

Deur Anna-Retha Kriel

DIE STUDENTERAAD is nou voltallig nadat mnr Jan Van Zyl verlede week tydens 'n tussenverkiesing verkies is in die plek van me Alison April, wat uit dié raad bedank het.

Die sirkusse wat voor die verkiesing beplan is, is só swak bygewoon dat dit gekanselleer moes word. "Ek sou verkies dat meer mense na die sirkusse sou kom, aangesien dit die enigste geleentheid is waar die kandidate aan die privaatstudente bekendgestel kan word," het die stembuskonvenor, me Angelique Heerink, gesê.

Me Heerink het verder gesê die bemarking van die sirkusse was na haar mening goed genoeg. "Die verkiesings was net te kort opmekaar." Ten spyte van die klaarblyklike gebrek aan belangstelling, het 21 persent van die studente in die verkiesing gestem. Hierdie syfer vergelyk volgens me Heerink goed met die stempersentasies van vorige verkiesings.

Volgens me Heerink is die SR-reglemente in verband met tussenverkiesings "pateties". Volgens die SR-voorsitter, Louis du Preez, sal hierdie reglemente beslis deur die Studenteraad hersien word. "Die huidige reglemente in verband met tussenverkiesings is heeltemal onbevredigend en sal waarskynlik nog voor die einde van die jaar verander word," het hy gesê.

# Sun, Sheilas and speeches

IT'S off to Australia for four glib-mouthed Maties, chosen to be the this university's first ever representatives at the World Universities Debating Competition. This prestigious event will be held from 2 till 7 January 1993 at the University of Melbourne and will be attended by universities from across the globe.

The four students, Andrew Freeborn, Jean Meiring, Carel Nolte and Natalie Phillips will also be participating in the Queensland University Debating Competition in Perth from 29 December 1992 till 1 January 1993.

This is the first time that the US, and other South African universities, have been invited to this competition. Three Maties did however participate successfully in a similar event at Princeton in 1992.

The four speakers were chosen by two different means. Mr Nolte and ms Phillips won the 1993 JC Smuts Debating Competition, of which the second round was also held in a parliamentary style. The USDS committee decided that they should therefore automatically fill two of the four available slots. A decision was also made to hold a competition upon the exact format of the Australian events. The best two individual competitors, Jean Meiring and Andrew Freeborn, were chosen to fill the remaining two slots.

The competition in Australia includes several black-tie social events, as well as a National Costume Ball, at which the Maties will have to act as ambassadors for South Africa. The costs will have to be carried by the individuals themselves, unless they succeed in finding sponsorships. Anyone interested in assisting them, in whatever way, can contact the new chairperson of the USDV, Carel Nolte (tel 900506), or any other commitee member.


Foto: SAREL VAN DER WESTHUIZEN

# Son sak vir vroue in Sonop

DRIE koshuise gaan van volgende jaar af heelwat anders daar uitsien. Volgens die hoof van koshuisadministrasie, mnr Dawie Malan, gaan die manskoshuis Hombré gesluit en ontruim word en die inwoners sal in die vervolg in die huidige vrouekoshuis, Sonop, gehuisves word. Sonop gaan dan mettertyd in 'n manskoshuis verander word.

Volgens mnr Malan behoort die gebou waarin Hombré tans gehuisves word aan Volkskas Bank en gaan dit van volgende jaar af deur die bank benodig word.

Mnr Malan het gesê die besluit om Sonop te sluit spruit uit die feit dat daar jaarliks kamers in vrouekoshuise oopstaan terwyl 'n behoefte vir losies onder manstudente bestaan. Die vrouestudente wat tans in Sonop gehuisves word, sal steeds daar kan bly, maar geen eerstejaars sal van volgende jaar af in dié koshuis ingeneem word nie. Sonop sal dus tydelik gelyktydig mans- en vrouestudente huisves.

Die ander koshuis wat van volgende jaar af sal verander, is die manskoshuis Majuba, wat tans verblyf aan senior studente bied. Mnr Malan het gesê die koshuis het in die verlede voorkeur gegee aan manstudente wat verkieslik reeds hul diensplig voltooi het. Omdat diensplig nie meer verpligtend is nie, sal hierdie beleid waarskynlik verander moet word.

# Studente in rassevoorval by kroeg

Deur Michael Jonas

VYF studente is verlede Donderdagoggend om ongeveer 02:00 buite Legends aangerand. Die voorval het gevolg op 'n geskil wat binne die kroeg ontstaan het.

Volgens een van die studente, mnr Henry September, het die voorval ontstaan nadat 'n vrouestudent aanmerkings teenoor een van die vroue in die geselskap, me Gretal Petersen, gemaak het. Die vrou het vir me Petersen gevra hoekom sy haar "bates in die publiek ten toon stel" en of sy nie op 'n ander plek wou dans nie. "Ek beskou hierdie vraag as vernederend," het me Petersen by navraag gesê.

Me Petersen se metgesel het op 'n verskoning aangedring, wat geweier is. Hierop het die betrokke partye begin om aan mekaar te stamp en is hulle deur werknemers van die kroeg versoek om die geskil buite die kroeg te besleg.

Volgens mnre Henry September en Willem Isaak, is hulle hier verskeie kere deur ander studente bygedam. Na die voorval is hulle na die plaaslike polisiestasie om 'n verklaring af te lê. Die beampte op diens het hulle aangeraai om in die oggend terug te keer, aangesien hulle "nie in 'n besope toestand 'n verklaring kon aflê nie."

Me Petersen het gesê 'n hele aantal rassistiese aanmerkings is tydens die voorval deur van die omstanders gemaak. "Die voorval was tussen wit en swart," het sy gesê.

EIKESTAD HI-FI
TRUST BANK CENTRE, TEL: 72321 or 4148

CD 270 Compact Disc Player R1 399
TU-X317 Quartz-PLL Synthesizer AM/FM Turner R1 095
AU-X117 Integrated Amplifier R1 195
P-790WR Double Cassette Deck R1 399
S-U770 3-Way Bass Reflex Speaker System R1 095
2 Year guarantee Six months to pay

SPECIAL
NEW TO STELLENBOSCH
Black & White TV ........ R299
TEAC CD Player ........ R995
Phillips VCR ........ R1 699
M. Net Decoder ........ R549
Gem Sound TV 70 cm ........ R2 399
Cordlessphones ........ R439

BRIAN and ABRAM at Eikestad Hi-Fi in the Trust Bank Centre are stockists of: NAD, AR, Phillips, Wol dale, Panasonic, AIWA, Technics, JPW, Sony and much more.

SANSUI
Hi-Fi Components

# Schoolchildren go on rampage at UCT

By Karen Smith

HUNDREDS of schoolchildren went on the rampage during lunch hour on 13 September, after attending a Pan-Africanist Congress (PAC) meeting at the University of Cape Town (UCT).

They arrived at the meeting, which was addressed by PAC vice-president, Mr Johnson Mlambo, after a protest rally to be held outside Parliament was cancelled.

Pupils arrived in ten buses but when they found that only two buses were left to take them home after the meeting, they ran amok. First they went on a rampage through the northern part of the campus, causing disturbance and damage. They then ran down Rhodes Drive to the Mowbray bus terminus, bringing traffic to a standstill.

Ironically, during the meeting, the pupils had chanted slogans of "high discipline, high morale" after mr Mlambo told the audience of 700 that the PAC is a "disciplined organization and we must hold discipline high".

Altogether 31 vehicles were reported damaged on campus and the surrounding area, with windscreens being smashed, aerials ripped out and tyres slashed. At the Mowbray station alone, damage in excess of R13 000 was done to cars.

Several students were harrassed and assaulted, while others were also robbed of personal possessions. No serious injuries were sustained, but at least one student received head injuries after being stoned. One of the students, Ms Lottrelle, who was thrown to the ground while pupils tried to grab her handbag, said it was ironic that many of the schoolchildren were wearing peace-badges.

General-secretary of the Pan-Africanist Students' Organization (Paso), Mr Don Qwelane, said in a statement that actions such as harrassment of students, looting and smashing of cars hampered democratic principles on campus. He indicated that Paso was resolved to the identification of the culprits and to deal with them accordingly. In addition, Mr Qwelane stated that the organisation would try to contact the victims of disruption and restore a spirit of tolerance and safety to the UCT community.

A spokesman for UCT's Campus Control said in reaction: "We normally have no problems with student meetings on campus. It is outsiders like this that cause the trouble."

To this, UCT registar, Mr Hugh Amoore, said UCT would not ban high-profile figures from speaking on campus, but would try to confine attendance of political meetings to members of the university community. He also said the university wanted the PAC to accept responsibility for Monday's events.

This statement was supported by the SRC, who added that they strongly condemned the acts of harrassment and vandalism and expected the PAC regional executive committee to fully compensate for all losses and damages. A meeting was to be held with the PAC regional office on 20 September and it was stated that affected students would be informed of the PAC's response with regard to financial compensation by the end of the week.

# Sasco het net vier op Wits SR

Deur Ewald Kellerman

VERKIESINGS vir die nuwe SR van die Universiteit van Witwatersrand (Wits) het in 'n nederlaag vir die South African Students Congress (Sasco) kandidate geëindig.

Van die agt Sasco-gesinde kandidate wat gestaan het, is net vier tot die SR verkies. Dit eindig sowat tien jaar se dominasie van linksgesindes in dié liggaam.

Die vorige SR, volgens 'n Sasco-verteenwoordiger, was Sasco baie goedgesind. Volgens hom was elf van die uittredende SR-lede "beslis pro-Sasco" alhoewel hulle nie geregistreerde lede was nie.

Volgens Daryl Gobey, wat die meeste stemme gekry het, is "baie veranderinge nodig in die SR. Politiek het byvoorbeeld nie 'n plek op die SR nie," het hy gesê.

Sasco se voorsitter by Wits, mnr Makhukhu Mampuru, het "gemengde gevoelens" oor die verkiesingsuitslag, alhoewel hy toegegee het dat die verkiesing vry en regverdig was.

Die meeste nuwe SR-lede het dit duidelik gemaak dat hulle anti-Sasco is, maar volgens mnr Mampuru sal sy organisasie "hierdie SR dwing om ons eise te ondersteun".

# TNT explodes after suspension

SEVERAL class-boycotting students of the Technikon Northern Transvaal (TNT) in Soshanguve were arrested when they allegedly stoned police and stole a meat delivery truck two weeks ago.

Trouble began when police prevented TNT students from attending a demonstration at the University of Pretoria (UP) in the city centre. According to eye witnesses living nearby, police stopped students when they tried to leave the township for Pretoria.

Students boycotted classes in protest against the suspension of the director of the School of Communications and Education, dr RL van Staden, by the university's council.

A student meeting rejected the decision to suspend him and called for his immediate reinstatement by saying: "We do not recognize any decision by this institution's undemocratically elected council."

The students decided to disrupt the technikon's council meeting at the Pretoria campus which was "to decide the future of the institution."

The suspension of dr Van Staden followed recommendations by a two-man committee to the council and according to a student spokesperson, no reasons were given for the suspension.

# UPE - well on the way to democracy

By Karen Smith

THE UNIVERSITY OF PORT ELIZABETH (UPE) is undergoing a democratisation process and many changes have been introduced.

However, according to the head of public relations, Mr Roos, recent statements in a regional newspaper alleging that " far-reaching changes in policy" and "drastic changes" were being undertaken, were exaggerated. He stated that the University Council merely confirmed its policy to increasingly involve the community and the Broader Democratic Movement (BDM) in decision-making.

Organizations such as the ANC and Sasco, who in the past had no influence in policy-making at the university, would be given a say in future resolutions. This decision was taken years ago and the Council declared themselves in favour of continuing this action. Contrary to speculations, Mr Roos emphasized that talks were already in progress, but that no definite decision had been taken to drastically alter the University Council. The composition of all university councils is codified and cannot easily be changed, as has been demanded by the Sasco branch at UPE.

Vice-chairman of the SRC, St Clare Adriaan, confirmed that UPE was undergoing many changes and both the University Council and the SRC were committed to keeping pace with the rapidly changing environment. He added that this would include their breaking away from their rather conservative heritage. Regarding current admission policies, he stated that the university was seriously considering transformation and affirmative action programs.

Changes can also be seen in the SRC, which has two coloured members this year, last year being the first time a coloured member was elected to the council.

Possibilities remain in the future for black people to be elected to the University Council. Currently, there is an opening in the council and the two applications for the position are a Dutch Reform Church minister and a female member of the ANC.

Mr Adriaan confirmed Mr Roos' statement that the university was seeking greater community input, and stressed that the fight for true democracy at UPE was well on the way.

## KAMPUSFLITSE

### Vliegtuie af aarde toe gebring

ALLE vliegtuie sal voortaan vir 37 minute op Vrydae verbied word om te land of op te styg in Suid-Korea.

Hierdie drastiese stap vorm deel van pogings wat aangewend word om te probeer om studente in staat te stel om toelatingseksamens vir tersiêre opleiding in stilte af te lê.

In dié 37 minute sal leerlinge, ter voorbereiding vir die agt uur lange eksamen, luister na die mondelinge afdelings van Engelse en Koreaanse taaltoetse.

Volgens 'n woordvoerder van die Departement van Verdediging sal stralers bó 2000 meter gehou word in 'n verdere poging om genoegsame stilte te verseker.

Ongeveer 'n miljoen hoërskoolleerlinge lê jaarliks die toelatingseksamen af, maar die land se 200 kolleges en universiteite kan slegs 'n kwart van die aansoekers akkommodeer.

### Geografiedosent moet waai

STUDENTE op die Mamelodi kampus van die Vista Universiteit het die onmiddelike afdanking van die hoof van die Geografie departement geeis.

Volgens beskuldigings van geografiestudente het prof J H Reynhardt hulle opsetlik laat dop in hulle Junie-eksamens.

Die studente het gedreig om met 'n sitstaking te begin indien daar nie gehoor gegee word aan hulle eis nie. - *Ewald Kellerman*

### Student arrested for rape

A STUDENT at the Witswatersrand Technicon was arrested last week in connection with rape, attempted rape and housebreaking. According to police he may also be linked to five of the nine attacks of the "Yeoville rapist".

Mr Wonga Ndugane was positively identified by five of the rape victims at an identity parade. He appeared in court last week to be referred for psychiatric observation. - *Danie Steenkamp*

### UP erken kollege-onderrig

'N OOREENKOMS is op 26 Augustus tussen die Universiteit van Pretoria en Nasionale Kolleges onderteken waarvolgens bepaalde korrespondensie-kursusse van die kolleges van aanstaande jaar af deur die universiteit erken sal word.

Volgens die uitvoerende voorsitter van die Nasionale Pers, mnr Ton Vosloo, is die ooreenkoms 'n unieke deurbraak vir opleiding en onderwys in die land.

"Dit is nie onwaarskynlik dat verskillende mengsels van kontak en afstandsonderrig deel van die antwoord rakende bekostigbare volwasse onderwys kan verskaf nie," het mnr Vosloo ten tyde van die ondertekening in Pretoria gesê. - *Ewald Kellerman*


STELLENBOSCH SILENCERS

vir
Knaldempers
Skokbrekers
Sleepstange
Bande

Aandag
Spesiale aanbod
vir Studente

*OOP SATERDAE*

Vierwiel gerekenariseerde wielsporing en bou van sleepwaens op aanvraag-
Ons verhuur sleepstange.
BIRDSTRAAT 137 STELLENBOSCH
TEL. 4569 (Kantoorure)
900411 (na-ure)
VIR PERSOONLIKE DIENS



Roxy 'n Café

Reyneveld Straat, oorkant Volkskas
Tel. 71559

OOP 8.00 vm.
tot 3.00 vm.
Kom sit en kuier
Eet 'n burger of neem
'n monster huistoe.
Ons is oop tot
laaaaat . . . .
NOU 'N
DRANKLISENSIE



Motorfiets- &
Buiteboord-
motore

Gewaarborgde herstelwerk teen billike tariewe.

Gratis optel & aflewering in Stellenbosch-omgewing.

Stellenbosch
Tegniese Dienste



Plankenbrug
Stellenbosch
Tel 75059

# KAMPUSMENINGS

## Wat sal jou reaksie wees as hierdie kunswerke in 'n kampuspublikasie verskyn?

Deur Riekie-Louise Human

Foto's: HELENA VAN ZYL






**Pieter du Plessis**
Ek sal nie verbaas wees as dit verskyn nie. Sensuur? Ek weet nie, wat dink jy?

**Warren Ratcliff**
How can you censor something like a condom? You've got to be open about sex, because we're not living in the past anymore. A teacher once told me: When in doubt, pull out. But that is not really relevant, is it?

**Jonathan Ipser**
I'd laugh. I don't think it should be censored because it's trying to bring across an important message. It would be counterproductive to censor it.

**Pieter de Wet**
Ek het niks teen kaal kinders nie. Actually het ek niks teen naaktheid nie, but this doesn't look like a happy cock.

**Vernon van Wyk**
Ek dink it's telling it like it is. Dis lekker. Dit hoef nie gesensor te word nie.

**Herman Botha**
Skokkend! Dis die skokkendste ding wat ek al in my lewe gesien het. Die dooie baba moet definitief in wees - ek leer daaruit, maar die hoender! Pervers.

**Werner Marx**
Ja, dis great, dis fantasties, sit dit in. Ek dink mense wat oorweeg om seks sonder 'n kondoom te hê is onverantwoordelik. Nee, daar's absoluut niks banaals hieraan nie, so dit moet nie gesensor word nie.

**Ingrid Mouton**
Ag, ek dink dis fine. Mense se oë moet oopgemaak word. Hulle moet nie altyd so preuts bly nie. Sensor? Nee, ek dink nie mens moet van enige iets ontneem word nie, die wêreld is klaar so kru.

**Ilana Maree**
It's about time people stop being subtle and get to the point. Ek sal nie geskok wees nie en dink dis 'n grap. There's nothing vulgar about it - it's straight to the point. It's cute!

**Nolene Wessels**
Take it for what it is and what the artist wants to say with it. I believe in freedom of the press and freedom of speech.

**Gerhard Dekkers**
Moenie die SPCA insleep by hoenderboerdery nie.

**Vicky Oosthuizen**
It's quite effective. I'm not anti-abortion anyway. I prefer the condom-one.

**Pieter Hartzenberg**
Ek sal defnitief 'n kondoom gaan koop as ek na hierdie onderste hoender kyk. Die baba-een - ag, shame. My pa onterf my as hy dit sien.

**Simon Brooks**
I don't like this sort of thing. Is this about safe sex, because safe sex is after marriage?

**Wendy Weir**
There's definitely a place for censorship, but a sense of humour is essential. It's good if something provokes a sense an opinion.

**Anné Verhoef**
Dit sal my nie baie pla nie, maar dis iets vreemds, so ek sal twee maal daarna kyk.

**Timothy Schultz**
I suppose it makes an impression and with an emotional subject like this it is necessary to attract attention.

**Amelda Brand**
Die baba is baie effektief en sê presies wat dit is. Enigeen wat hierna nie 'n kondoom gebruik nie moet sy kop laat lees...



Amelda Brand



Pieter du Plessis



Vicky Oosthuizen



Werner Marx

# Apatie ontstel

**Carien du Plessis, De Vosstraat 9, Stellenbosch, skryf:**

APATIE - wie gee om? Op kampus word alles van so 'n afstand bekyk. Baie studente bly veilig "objektief," geniet hulle voorregte en probeer darem so af en toe "mense wat minder bevoorreg as hulle is, te verdra" (Kampusmenings, 9 September 1993). Daar is ook die patronizing attitude op kampus van die welwillende en barmhartige "ons" wat "hulle' moet help en ophef. "Ons" raak dan kwaad as "hulle" nie wil saamwerk nie - "ons" doen dit dan vir "hulle" eie beswil! En so kan die voorbeelde aanhou.

Verder blyk Marius de Jager in die ware NP-gees besig te wees om die geskiedenis te herskryf. As die berigte in die afgelope twee uitgawes van Die Matie geglo kan word, is mnr Tokyo Sexwale nou glads die sekretaris-generaal van die SAKP. Ek wil voorstel dat verslaggewers seker maak van hulle feite voordat hulle sonder meer dinge opdis.

Die lys van ignorance en apatie kan langer word. 'n Mens kan hierby ook seker die vreeslike massa-aksie voeg wat ná die bedanking van me April plaasgevind het en die onuithoudbare druk wat daar geplaas is op die ongelooflike verteenwoordigende outoritêre strukture van die Universiteit (I wish!). Dan is daar nog die "kragdadige poging" wat deur kolonel Bester van Kampusbeheer aangewend word om verkragting op kampus te bekamp.

Freire het gesê: "Washing one's hands of the conflict between the powerful and the powerless means to side with the powerful, not to be neutral." Baie mense sukkel nog om hierdie konsep van bewustheid en betrokkenheid te verstaan. Niemand is perfek nie, maar hoe gouer mense iets begin doen aan hulle apatie, en hoe gouer hulle meer sensitief raak vir die issues in ons gemeenskap, hoe beter sal dit wees vir demokrasie op kampus en ook in die land.

*(Die fout met mnr Sexwale se amp is in goeie trou gemaak. -Red)*

# Stellenbosch seks-behep

**"Koekie", Stellenbosch, skryf:**

EK is tans in my eerste jaar en het op aandrang van my ouers en ouer suster, wat almal hier was, na die "wonderlikste plek op aarde" gekom met redelike hoë verwagtinge.

Alhoewel ek weet dat Stellenbosch is wat jy daarvan maak wil ek my disgust uitspreek. Hoe kan enige mens gelukkig wees tussen sulke wanaangepaste varke?

Dit is die mees seks-behepte, alkohol-georiënteerde en kinderagtige snobs wat ek ooit teegekom het. Dit hoer en rumoer en suip en beskinder en brag van Vrydag tot Vrydag.

Ek sou my lewe glad nie as 'n voorbeeld wou gebruik nie, maar ek wil net noem dat verskeie studente al hartseer van hul studentejare moes afskeid neem en erken: ek het die verkeerde daaruit gehaal en wens ek kan dit oorhê.

Poppie met die neus in die lug van Pretoria met die vername prokureur-pappie: what goes up must came down. I know what it's like en ek wag onder vir jou.

# Fout lê steeds by vroue

**Blue Jeans, Stellenbosch, skryf:**

HIERMEE reageer ek op "defensio cavi" se brief in die vorige uitgawe van Die Matie. Ek is 'n man en 'n gereelde sokkieganger en vind dit uiters swak dat jy as vrou nie jou oë kan oopmaak nie.

Hoeveel meisies vra werklik ouens by sokkies? Minder as vyf persent en dan het drie persent nog vaste ouens ook. Ek dink die fout lê by die dames.

Die een is altyd beter as die ander. Soos opgemaakte winkelpoppe staan hulle en wag om gevra te word.

Kom vra ons 'n slag. Ons wil dans en nie teen mekaar kompeteer nie. Aanvaar andersins dat jy 'n vrou is.



## BRIEWE

**Enigeen kan 'n brief aan Die Matie rig. Die adres is: Die Redakteur, Die Matie; LSS, Victoriastraat, Stellenbosch, of dit kan in die posbus in die Loopgang gepos word. Die redakteur behou die reg voor om die plasing van stof te weier, of om dit vir publikasie aan te pas.**

# New debating style can play role in advancing democracy



**JEAN MEIRING is a second year law student and secretary of the US Debating Society. He will participate in the World Universities Debating Competition in Melbourne in the December holidays.**

ORATORY is an ancient and classically hallowed art, and to travel to the land of Aus to participate in a globe-wide debating jamboree may seem somewhat odd. Why not Oxford or Princeton or the oakwalled confines of some other traditional institution? The answer is simple: the University of Melbourne, way down under, is hosting the 1994 World Universities Debating Competition and four Maties, Andrew Freeborn, Carel Nolte, Natalie Phillips and I, have the privilege of representing the US at that event for the first time.

The competition is based upon a format nearly entirely unknown to the stock brand of South African debaters, wet-nursed on the *Nasionale Rapportryers*-style of oratory. In my opinion this is a far more challenging and taxing format which ought to be introduced at Stellenbosch, and indeed in all South African schools and universities. The US Debating Society has identified this void and plans to arrange an annual competition based on this dynamic format, in preparation for subsequent World Debating events.

The basic tenets of this format are those of the British Parliament. Ten minutes prior to the start of each debate the statement to be contested is announced to the two participating teams, each consisting of four speakers. The team chosen, by lot, to support the motion, is the government, while the opposing team is the opposition party. The chairperson is addressed as Speaker and the audience as Members of the House.

Each speaker delivers a speech of seven minutes. While he or she is speaking, a member of the opposing team may rise with a hand held on the head and thus demand to be given an opportunity to make a statement in refutation or contradiction of the speaker. Such a statement may last no longer than 15 seconds and may be refused by the speaker. Points of information, as these statements are called, are intended as tactical moves to disconcert and fluster the opposing speakers.

The salt of British Parliament, heckling, is indeed also permitted, provided that it is witty and succinct, and unlike the brash boorishness often uttered in our own parliament. Speakers thus have to contend with a maddening plethora of interjections, cries of "hear, hear" and statements of contradiction, and amidst all this still speak sense.

The traditional form of debating is far less vital and energetic than this: if you wish to refute the argument of an opponent you have to wait several minutes until your turn to speak comes, by which time the verve and impact of your counterclaim is lost. Furthermore, preparation entails hours and hours of painstaking research, for which most students simply can't find time. The parliamentary style, in contrast, demands of speakers good, solid general knowledge, as well as sound logical and reasoning abilities.

The parliamentary debate ought to be utilized widely in student politics, also at the US. Not only does it offer the above-mentioned advantages: It will also serve to introduce students to the rigours of and principles upon which parliamentary democracy is based. South Africa's past was deeply undemocratic; if we are serious about making democracy work in the future this form of debate could be a small component of the broad programme of voter education currently being undertaken countrywide.

The US Debating Society will be arranging several parliamentary debates during next term, at which the four Maties chosen to participate in Australia, as well as other interested students can strut their stuff. Anyone eager to participate can contact Judy Malan at Lydia (tel 833632), as well as keep an eye on the notice-boards.

**Die Matie**
Redaksionele Kommentaar

DONDERDAG 23 SEPTEMBER 1993

# *Die keuse moet nóú gemaak word*

DIE NUWE Rektor en Vise-Kanselier van die universiteit, prof Andreas van Wyk, is verlede week amptelik ingehuldig. *Die Matie* wens prof Van Wyk voorspoed toe in sy amp.

Professor Van Wyk neem in die moeilikste denkbare tyd oor as rektor en elke stap wat hy neem sal fyn dopgehou word deur 'n gemeenskap wat ongeduldig wag op verandering. Soos die onlangse gebeure op die kampusse van Wits en Ikeys aantoon, kan geen universiteit die werklikheid wat op die oomblik in die land afspeel ontsnap nie. Stellenbosch, meer as enige ander universiteit in die land, het apartheid bevorder en in stand gehou. Daar rus dus op ons selfs 'n groter verantwoordelikheid om die onregte in die gemeenskap op 'n konstruktiewe manier te help uitskakel.

Die oorbruggingsprogramme wat deur prof Van Wyk aangekondig is, is 'n aanduiding dat hy ernstig is om op 'n praktiese manier die US betrokke te maak by die gemeenskap. Sulke programme word hopelik nie tot stand gebring net om die beeld van die universiteit "aanvaarbaar" te probeer maak nie; dit sal werklike verskille aan mense se lewens moet maak.

Eweneens is die outonomie van universiteite, waarop prof Van Wyk ook in sy inhuldigingsrede klem gelê het, belangrik indien ons die foute van die verlede wil vermy. Indien dit egter net 'n manier word waarop ons wil vasklou aan die verlede, verdien ons nie so 'n voorreg nie.

Prof Van Wyk is nou in die posisie om tussen hierdie opsies te kies; 'n keuse wat die toekoms van die US sal bepaal.

# *LSS-projek nie sonder gevare*

DIT is moeilik om te glo dat die Langenhoven Studentesentrum eens op 'n tyd met 'n argitektoniese prys bekroon is vir die gehalte van die ontwerp daarvan. Slegs een besoek aan die Neelsie, wat nog nie eens twintig jaar in gebruik is nie, is genoeg om te weet dat dit 'n handboekvoorbeeld is van swak ontwerp. Weens die materiaal wat gebruik is lyk die gebou altyd vuil en slordig, maak nie saak hóé skoon dit eintlik is nie. Dit is nie 'n plesier om daar te wees nie en dit kan beslis ook nie 'n plesier wees om daar te moet wérk nie: Daar is nie sprake van "Arbeidsgenot" in so 'n plek nie.

Ten spyte van 'n gewaarborgde mark van etlike duisende studente, hoë pryse en die twyfelagtige gehalte van die kos en die diens word die LSS boonop teen 'n verlies bedryf. Hierdie verlies word jaarliks deur die Administrasie (en dus indirek ook deur studente) gesubsidieer.

Dit is dus verblydend om te hoor dat die nuwe LSS volgens beplanning finansieel selfvoorsienend gaan wees en dat die finansiering van die projek uiteindelik uit huurinkomstes gedek sal word. Die bedrag van R3 miljoen (uit 'n totale R13 miljoen) wat wel deur universiteitsfondse gedra word, is relatief klein as 'n mens in ag neem dat die Administrasie ontslae is van 'n jaarlikse bedryfsuitgawe van minstens R300 000.

Volgens die Administrasie gaan hulle ook "alles in hulle vermoë" doen om te verseker dat so veel moontlik huidige Neelsiepersoneel hulle werk behou. Kom ons hoop ook hiérdie deel van die Neelsie-belofte word gestand gedoen.

Baie dinge kan egter verkeerd loop met die nuwe LSS, soos wat gebeur het met die oorspronklike projek. As die beplanning wéér nie effektief is nie, gaan die Administrasie én studente vir 'n lang tyd die prys moet betaal.

# Kampusquotes

**"Natasha is the only person to which the one settler, one bullet-slogan is appropriate."**
- Rasalind Goodman (drama lecturer) on a character in Chekov's "Three Sisters."

**"Neem kennis en vernietig"**
- Een van sestien moontlike blokkies wat onder "Onderwerp" gemerk kan word op prof Christo Viljoen se Memo/Versendingstrokies.

**"Die huwelik is nie 'n rehabilitasiesentrum nie."**
- Dominee by Studentekerk wat oor "seksualiteit" gepraat het.

**"Het ek al ooit my minnaresse insekte genoem?"**
- Joan Hambidge na aanleiding van 'n geswolle oor.

**"Daardie dosent is so toe soos Moeder Theresa se bene."**
- Student in Wilcocks oor 'n sekere dosent in die Departement Afrikaans en Nederlands.




Studente-"massa-aksie" na aanleiding van die petrolprysstygings

# Apla versus Admin en Apatie




EN daar dreig Apla toe laasweek dat hulle 'n paar bomme in Stellenbosch gaan laat ontplof. Onder andere het hulle 'n Admintannie gebel en haar vriendelik, dog ferm, ingelig dat hulle "'n chaos" (hoekom net een?) gaan veroorsaak op die US-kampus.

Volgens "Operasie Wakker-Akker" sou hulle 'n bom (vir 2000 setlaars) plaas by die laaste sirkus van die SR-tussenverkiesing, maar is hul planne effens in die wiele gery toe 'n volle 20 mense (jammer, studente) opgedaag het. Volgens my, soos gewoonlik baie besope, bronne is hulle die Boer in oor die apatie op Matieland (en hulle is nie die enigste nie).

Aplaas het hulle toe maar 'n klomp koshuise, skole en eetplekke gebel en hul bomwaarskuwings herhaal. Alles verniet, net mooi niemand stel meer belang om opgeblaas te word nie. Met meer dreigemente as predikaattoetse word baie geloofwaardigheid verleen aan Apla se uitsprake dat hulle die stryd gaan voortsit in die bos. Ons Bos!

In iedergeval, naas die helse hoë telefoonrekening wat die plaaslike Apla-tak opgedoen het, het hulle blykbaar ook besluit om hulle tot "waardiger," makliker en minder apatiese teikens te wend soos ou tannies met curlers, skinheads en G6-kanonnne. Ek bedoel, wie kan iets ordentliks teen Apatie doen?

**Spieëltjie, spieëltjie aan die wand, wie's die minste by in die land?**
Ou tannies is egter nie beperk tot teReurteikens nie. By verlede week se SR- vergadering daag daar toe 'n paar fossiele (vir wie Jurassic Park 'n nostalgie-trippie beteken) op en lewer 'n pleidooi dat die ou (uiters Eurosentriese en Argaïse) universiteitslied tog behou moet word, want, sien, dit het só 'n samehorigheidsgevoel geskep bla, bla, bla... (Miskien moet Koos Kombuis, wat terug is op die Skelmbos, die nuwe lied komponeer: dalk iets gekombineer met "ek haat sommige ou tannies!")

Volgens een van die SR-lede (ek sal maar nie sy naam noem nie) is die mense 'n bietjie uit voeling met wat aangaan. Wat?! Komende van 'n wit-manlik-oorheersde SR, kom die woord "skynheiligheid". nogal by mens op.

Tussen hakkies, onthou iemand die nuwe SR se belofte dat hulle sou poog om minder elitisties en snobisties te wees? Wel, dit lyk asof hulle reeds vergeet het; by dieselfde vergadering het hulle 'n halfuur gegorrel oor of die mans steeds met baadjies en dasse by SR-vergaderings moet opdaag. 'n Mosie vir die skrapping van dié belaglike dragreël gaan ingedien word, maar die meeste het reeds aangedui hoe hulle gaan stem nl Nee, Nee en Nogmaals Nee. Definitief 'n geval van "'n belofte van ons, is 'n belofte wat ....vou!"
En dan nie net Eurosentries nie, maar sommer seksisties ook. Sies, man! Het julle geen skaamte nie?

**Raai wie kwalifiseer nie vir 'n Studente-vriendelike plakker nie?**
Diegene wat hierdie maand 'n "rekeningtjie" van Admin ontvang het se aandag word gevestig op alles wat betaal (verhaal?) moet word. Maal al's met 14 000 en kyk wat jy kry. 'n Tipiese BA-student s'n lyk soos volg:

| | |
|---|---|
| Chemiese toerusting: | R50.99 |
| B-Rek hou-Kapitalisme-aan-die-kook vereniging: | R10.05 |
| Koshuis die-manne-sal-maar-manne-wees vandalisme: | R99.99 |
| BMI (en ander mislukte projekte)-Helpmekaarfonds: | R350.00 |
| Hou-ons-paaie-rooi-en-mooi: | R150.41 |
| SR-en-HK-omkoopgeld: | R30.00 |
| Die Matie: | R0.02 |
| Admin telefoonrekening: | R4000.99 |
| Geld-wat-verdwyn-het: | R1000.99 |
| Klas wat-niemand-bywoon-nie gelde: | R4500.33 |
| Beweging vir Brugbouplanne: | R1999.00 |
| Neelsie toiletpapier/suiker en sout vir PSO-studente: | R54.23 |
| Rugby ons-eie-afgod klub: | R666.66 |
| Buite-werking tekens: | R21.57 |
| Stigting vir Oos-Russies: | R34.43 |
| Doop-slagoffers-en-hervestigingsfonds | R2.99 |
| PSO-wyk waaraan niemand wil behoort nie: | R39.99 |

LW: Ons gee ongelukkig nie afslag aan studente nie.

PS: Bogenoemde is glad nie vergesog nie. Admin is egter soms slimmer as dit en plaas meeste daarvan onder "klasgelde."

**Die Son sak hier op ons eie Berlynse Muur**
Admin se verdeel-en-heers-beleid word tans nog 'n stappie verder geneem. Sonop-koshuis word met 'n muur in die middel geskei, want sien, volgende jaar word dit 'n seniorkoshuis vir dogtertjies én seuntjies en ons wil tog nou nie binne 'n jaar al begin praat van die Sonop-babas nie. Aai, die onsedelike redenasie tog van Admin.

Komaan, almal weet die studente is groot genoeg om hul eie keuses te maak. Al wat "ons (selfaangestelde) vaders" gaan bereik deur studente soos kinders te hanteer, is dat dit 'n uitdaging gaan word om "die muur" te oorwin. En wat gaan Admin dan doen? Muurwagte met masjiengewere en flitse (of ketties en kerse) aanstel om toe te sien dat almal mooi uitmekaar se kante (en beddens) bly? Of gaan hulle die kos "dokter" soos in die weermag?

Daar is reeds te veel skeidings op kampus; ons het rêrig nie nóg nodig nie. Wie gaan boonop vir die-hou-uit-mekaar-beleid moet betaal? Na al's, oor sowat drie jaar gaan die koshuis 'n manskoshuis word; en dan gaan al die skeidings afgebreek moet word.

Dit lyk of hier wel vir almal 'n plekkie onder (in?) die Son is, 'n aparte Son. Viva apartheid, viva!

**Is ons bang.....**
Volgens die Toastmaties (Toastmasters se plaaslike tak) is mense banger om in die openbaar te praat as vir die dood! Ten minste twee maal so veel volgens navorsing. Persoonlik is ek tien keer banger om na ons redenaars (politici en ander goeters) te LUISTER as vir die dood! Soos byvoorbeeld skynheilige oom Hernus, soos aangehaal in *Daai Burger* van Maandag. Was dit boonop nie die mees patetiese poging tot propaganda die afgelope vyf dae nie? En dan nogal alles in die Vriendelike Taal ek sê.

**....of is ons baie bang?**
Sjoe, hierdie Nuwe-Suid-Afrika-besigheid is besig om party settlers darem vinnig in te haal. Kyk net hoe ons sogenaamde liberale Engelse kampusse besig is om van die "moral highground" af te bliksem en jy sal sien wat ek bedoel. Nie net het Wits 'n lekker reaksionêre SR verkies nie, maar ons kon tydens die Intervarsity nie teen een van die Universiteit van Kaapstad se netbalspanne speel nie, want "ons moet verstaan," hulle het nog nie "netbaleenheid" bereik nie. Glo-dit-of-nie, maar hulle het nog aparte wit en swart netbalspanne! Do U C Transformation? I don't.



Bitch op die bos p II

# Dag & Nag

DONDERDAG 23 SEPTEMBER 1993



Hi-Tech Dinosaurs p III

# Suur, Suurder, Sensuur...

**IS SENSUUR nog enigsins regverdigbaar in 'n atmosfeer waar Suid-Afrika na 'n vrye, demokratiese bestel beweeg? TANIA BOTHA het gaan ondersoek instel en ook gekyk na gevalle op die kampus waar vryheid van uitdrukking en assosiasie na bewering te na gekom is.**

IN Februarie verbrand studente *Die Matie* en Marius Visser word byna gestenig oor *Perspektiewe en Dinge*. In Mei bars 'n storm oor Linda de Jager se kop los oor die kabaret *Ja-Nee: Die Para en sy doks*. In Junie is daar 'n kabaal op Tygerbergkampus oor skilderye van Monika Holleman. En in September is dit weer so: beperkinge van vryheid van uitdrukking en spraak word op die *Stellenbosse Student (SS)* se redaksie afgedwing. Sensuur word toegepas op die *SS*.

Marius Visser se *Perspektiewe en Dinge* is deur sommige studente as godslasterlik en seksisties ervaar. Hy is deur die Studenteraad gewaarsku dat 'n herhaling van dié episode tot sy afdanking sou lei. Linda de Jager se verwysing na die moord op Chris Hani is skerp gekritiseer as "onsensitief" en "in swak smaak"; sy was onder groot druk om die verwysing uit die kabaret te sny. Monika Holleman se anti-verkragting kunswerke is deur sommige studente op die Tygerbergkampus as godslasterlik beskou en studente het geëis dat die uitstalling van haar werke uit die loopgang van die studentesentrum verwyder word.

In die nuutste voorval van sensuur op vryheid van uitdrukking (en assosiasie) van studente op kampus, is kunswerke van nagraadse kunsstudente aan die Universiteit van Stellenbosch deur die Direkteur van Studentesake, prof Flip de Wet, afgekeur vir publikasie in die *SS '93*.

Die betrokke kunswerke beeld onderskeidelik doodsberigte, met 'n baba wat langsaan lê, en 'n hoenderhaan wat 'n hen "verkrag" uit. Volgens prof De Wet is die werke nie verbied nie, maar kan dit aanstootlik wees vir sommige van die *SS* se leserspubliek: "Ons glo in absolute persvryheid, sal nooit inmeng nie en sal nie sensuur toepas nie. Ek verbied niks nie, ek gee raad aan die redakteur." Die afkeur van die werke "was dus nie sensuur nie, bloot goeie maniere; ek het verkies dat dit nie verskyn nie."

Die vraag ontstaan nou wie dit is wat aanstoot sou neem en beskerm moes word, en wie op die ou end beskuit of hulle beskerm behoort te word.

Die *SS* is 'n fotobeeld wat deur Stellenbosse studente saamgestel word vir verspreiding onder US studente. Die materiaal wat daarin verskyn is uitsluitlik vanuit die US-kampus afkomstig. Volgens Prof De Wet word die *SS* ook aan borge en donateurs van die US gestuur. Die teikenpubliek is egter hoofsaaklik Stellenbosse studente.

Die kunswerke wat afgekeur is, is onderskeidelik anti-aborsie en anti-vigs-plakkate. Die twee hoenders, die werk van me Penny Cheesman, was die wenner van die derde prys in 'n plakkaatkompetisie wat deur die Universiteit van Kaapstad (UK) gereël is vir Vigs-week, en waarsku teen die gevare van seks sonder kondome. Volgens die kompetisiereëls sou die plakkaat gedruk en op die UK-kampus versprei word. Dit sou ook deur Shawco in swart woongebiede versprei word. Die organiseerders en beoordelaars het dus klaarblyklik gedink dat die plakkaat nie aanstootlik sou wees vir die breë publiek nie.

In reaksie op die afkeur van die plakkaat vir publikasie in die *SS*, het mnr Stephan Coetzer, kunsdosent aan US, gesê die plakkaat het definitief meriete, "dit is die rede waarom dit aanbeveel is. Lyk my net Ikeys mag kondome dra."

'n Ander kunsdosent, mnr Paul Emsley, het gesê "indien die universiteitsowerhede kunswerke met meriete afkeur soos hulle wil, behoort ons dit sterk te oorweeg om geen kunswerke in die vervolg aan die SS beskikbaar te stel nie."

Volgens mnr Francois Tredoux van die Engelse departement is dit "onverantwoordelik om enige inligting in verband met Vigs van enige lid van die publiek te weerhou. Die feit dat die boodskap hier met behulp van humor weergegee word versterk uiteindelik die toeganklikheid van die boodskap."

In haar reaksie het me Cheesman, die kunstenaar, gesê dit gaan hier om die ernstige kwessie van Vigs en "ongelukkig is 'n kondoom nie iets wat mens op jou vinger sit nie." Prof de Wet het in reaksie hierop geantwoord: "Hoekom moet ons soos die Ikeys wees? Hoekom moet Maties altyd tweede in die ry staan - ook wat kondome betref?"

Conrad Botes se plakkaat van die baba is verlede jaar ook afgekeur vir die *SS* omdat dit moontlik aanstoot sou kon gee. Volgens mnr Tredoux sou 'n mens egter nie op grond van die materiaal wat gebruik is morele besware teen die plakkaat kon hê nie.

"In Memoriam-berigte word tog grootliks erken as 'n aanduiding van die feit dat die familielede en vriende in die openbaar hulle leedwese betoon teenoor die afgestorwene. 'n Dagblad het in elk geval 'n groter leserstal as die *SS*. Die feit dat hier gewerk word met die begrippe Lewe en Dood, verhef 'n persoonlike gegewe tot 'n simbool, met ander woorde Nico Andries Fick en Ds James Higgo word verhef tot allemansfigure."

Dr Johan Hatting van die Filosofiedepartement het bygevoeg dat die afkeur van die plakkaat ironies is in die lig van die anti-aborsie boodskap, 'n sentiment wat klaarblyklik deur die US gedeel word. Voorts verteenwoordig die *SS*, weens sy spesifieke gerigtheid op US-studente eerder 'n private ruimte as 'n openbare ruimte, anders as byvoorbeeld die *Matieland*, waarby die universiteitsowerhede baie meer betrokke is. 'n Vergelykbare publikasie is die *Akkerjol*, wat wyd versprei word tydens Karnaval en heelwat gekruide grappe bevat, maar oënskynlik deur die universiteit goedgekeur word, selfs al word dit vryelik aan jong kinders verkoop.

Nog 'n vraag wat ontstaan rondom die toepassing van sensuur, is wie uiteindelik die outoriteit het oor wat toelaatbaar is, aldan nie. Volgens prof De Wet stel die universiteit R60 000 beskikbaar vir die *SS*, "maar ek weet nie of die Universiteit regtig die *SS* besit nie; ja, die Universiteit besit dit seker."

'n Mens kan egter die vraag vra of die reg tot sensuur hier nie eerder die studente self toekom nie en of studente nie in hierdie geval 'n reg tot selfsensuur het nie. Toe ontstoke studente in Februarie *Die Matie* verbrand het, het hulle moontlik so 'n reg probeer uitoefen. Wanneer die Administrasie egter sensuur toepas, ontneem dit nie slegs die kunstenaars van hul reg tot vryheid van uitdrukking nie, maar dit ontneem ook die studente van hul reg tot vryheid van assosiasie en selfsensuur.

'n Uitstalling van kunswerke met 'n feministiese inslag is in Mei vanuit die loopgang van Tygerberg Studentesentrum na 'n privaatlokaal geskuif, hoofsaaklik weens druk van sowat 30 studente wat die skildery *Koek en Tee* van Me Monika Holleman aanstootlik gevind het. Hierdie studente verteenwoordig een persent van die Tygerbergkampus.

In September 1992 is 'n plakkaat met die voorblad van Johann de Lange se digbundel *Wordende Naak* as agtergrond, deur die Studenteraad goedgekeur, maar tog deur die HK's van sekere vrouekoshuise gesensureer.

In 'n meningsopname onder studente op kampus het die oorgrote meerderheid van studente geen besware teen die twee kunswerke van Penny Cheesman en Conrad Botes gehad nie. In 'n atmosfeer waar Suid-Afrika na 'n vrye en demokratiese samelewing beweeg, behoort sensuur eweneens in heroorweging geneem te word.

> "Ons glo in absolute persvryheid, sal nooit inmeng nie en sal nie sensuur toepas nie." - Prof Flip de Wet

> "Die plakkaat het definitief meriete; dit is die rede waarom dit aanbeveel is. Lyk my net die Ikeys mag kondome dra." - Stephan Coetzer

> "Ongelukkig is 'n kondoom nie iets wat 'n mens op jou vinger sit nie." - Penny Cheesman




Plakkaat van Penny Cheesman wat uit die *Stellenbosse Student* verwyder is




Kunswerk deur Conrad Botes

Verslaggewing gedoen deur:
**Kobus Burger**
**Walter Buchholz**
**Johan van Zyl**

(*Sien Kampusmenings op p 5 vir studente se menings.*)

# Joan bitch skrywers



"EK kan nie pryse gee vir mense wat dit nie verdien nie."

Só het dr Joan 'The Bitch' (haar troetelnaam in literêre kringe) Hambidge verlede Donderdag gesê voordat sy later die aand by die Vrouevereningingsaal die wenners van die SR se eerste skryfkompetisie aangewys het.

Volgens die uittredende SR-lid vir Kultuur, me Carlé Sharp, is dié kompetisie gereel omdat die Kultuurkomitee reeds amper alle vorme van kuns en kultuur verteenwoordig en daar besluit is om 'n slag aandag te skenk aan die kreatiewe skryfproses."

Dr Hambidge was ook teenwoordig by die oorhandigingsgeleentheid en het as een van die beoordelaars in die Afrikaanse afdeling opgetree. Sy het reeds vroeër die dag, tydens 'n toespraak oor post-modernisme by die Franse vereniging, sekere studente op hol gehad oor haar beweerde stelling dat daar "absoluut geen talent" op Stellenbosch is nie. Sy was kwansuis ook nie bereid om 'n wenner aan te wys nie aangesien die standaard van die inskrywings te laag was.

Na bewering het een van die erg ontstelde Kultuurkomiteelede toe gesê dat hy self 'n wenner sal aanwys aangesien hy al die inskrywings gelees het. Hambidge en die ander beoordelaar in die Afrikaanse afdeling, me Ronel Foster (Departement Afrikaans en Nederlands), is toe, na bewering, aangesê om te gaan sit en wenners uit 'n doos te pluk, "as hulle dan nou nie bereid was om dit op meriete te kies nie".

Van die skrywers wat aan die kompetisie deelgeneem het, het besluit om hul pryse te weier aangesien hulle nie inderhaas uit die dosie gepluk wou wees nie.

Maar soos met almal wat bronstig is na Maveric's se gratis etes, Ster-Kinekor se fliekkaartjies, Tafelberg-Uitgewers se boeke en die SR se R150 kontant (dit was so tussen hakkies die pryse), was die skrywers, dié wat volgens dr Hambidge 'n kans het in "the jungle out there" (en dus hul pryse op meriete verdien het), op die ou einde graceful in receiving.

Die beoordelaar in die Engelse afdeling, me Annie Gagiano van Departement Engels, was baie beïndruk met die inskrywings. Wilkus du Toit het die prosa-afdeling gewen en Matthew Thorpe het eerste en tweede prys in die poësie-afdeling verower met sy *if only planetariums were real, I would visit them more* en *Nieu Bethesda*. Matthew Thorpe, Timothy Schultz, Andrew Starke en Heinrich Mödinger het ook spesiale vermelding gekry.

Dr Hambidge was waarskynlik minder tevrede met die Afrikaanse inskrywings. Sonja Loots het die prosa-afdeling gewen met haar komplekse, plek-plek onverstaanbare kortverhaal, *Stilitano staan stil en ander skerwe*. Dr Hambidge was baie beïndruk met dié verhaal en het aanbeveel dat dit in *Tydskrif vir Letterkunde* gepubliseer word.

In die afdeling vir Afrikaanse poësie, het Tom Dreyer met dr Hambidge se goue sterretjie weggestap. Sy wengedigte is getiteld *kreef i* en *kreef ii*. Dr Hambidge het gesê Tom toon werklik digterlike talent. Onder die digters wat in hierdie afdeling spesiale vermelding gekry het, tel Kobus Burger, Anneke Boschoff, Jako Volschenk en weer eens Tom Dreyer.

By die oorhandigingsgeleentheid wou dr Hambidge haar bewering van vroeër aanpas. Haar regstellings is later beaam deur een van die organiseerders van die wedstryd, me Saartjie Botha.

"Dr Hambidge het wel die uitlatings gemaak, maar nie só kategories soos wat gemeen is nie. Sy was wel teleurgesteld oor die standaard van veral die poësie, maar enkele van die gedigte was beter," het me Botha gesê.

● Só kom die jongste episode van "Hambidge in die hawer" (moontlik die nuwe trefferreeks op M-Net Oopkyktyd) dan tot 'n einde. Vir die volgende episode in hierdie naelkoureeks, hou *Die Matie* se briewekolom dop.



# Bloemhof se flou duiwel steek mis

**BOEK Die duiwel se tuin**
**OUTEUR Francois Bloemhof**
**UITGEWER Tafelberg**
**WAARSKUWING Glo nie vir sensitiewe lesers nie**

Deur Adélle van Wyk



BLOEMHOF se duiwel kweek vir hom 'n tuin in Durbanville. 'n Grasrooi, bloedgroen tuin waarin Satan die een is wat die septer met die drie tande swaai. En die res van sy tuiniers het ook elkeen hulle vurk in vir iemand...

Marlene Elsebeth (die Afrikaansonderwyseres) en haar mank seun, Deon, kom al die pad van die Transvaal af om 'n nuwe blaadjie in die Kaap te kom omslaan: Konifeerlaan 11, Evergreen, Durbanville.

Die omblaaiery doen hulle egter net kwaad. Met die intrapslag in die nuwe huis, is daar geen goedige buurtannie wat 'n wildspastei oorbring nie, maar 'n wit (rooinek) heks wat sukkel om Marlene in Afrikaans bang te maak. By die skool gaan dit slegter. Die helfte van die leerlinge (en omtrent die hele korrupte personeel) is betrokke by die swart toorkuns van die tyd. Die dominee bid vir hullese vader in die hel en die slagter gebruik eerder sy mes om allerhande ander kepe in allerhande ander vleis te maak.

Blykbaar het elkeen van die inwoners 'n geraamte in die tuin wat saam met die eerste van die swakste oes aartappels uit die grond gedolwe word.

Wat is daar deesdae nou éintlik oor om te sê oor die alewige, sufgeharkte stryd tussen goed en kwaad? Dit is al so afgesaag soos die gat in die osoonlaag. Bloemhof reken duidelik nie so nie. Oor 'n tydperk van vier, vyf weke en tweehonderd en twaalf bloedige bladsye probeer hy die publiek opnuut die skrik op die lyf jaag met die Krag van die Kwaad en die Vyandige Verlede. (If the past wasn't, then the present isn't.)

Die karakters word almal ooglopend sleg en steek mekaar aan soos vrot appels in 'n mandjie. Wánt, soos verwag kan word, lewer dié Durbanvillese tuin net boosaardige vrugte op. Onvolgroeide wortels. Tamaties met bleek wange. Aartappels met 'n grys ondertoon. So ál asof iemand se as gemeng was met die grond waarin hulle gegroei het. (En ek beveel my nekhare om te rys.)

Valentynsdag word natuurlik ook deeglik verkrag in die loop van die verhaal aangesien dit dié dag van offering en opoffering in die teelaarde van die duiwelsaanbidders is. 'n Waarskuwing aan alle sestienjarige, maagdelike wesens wat hulle geboortedae op die veertiende Februarie vier: die duiwel is lus vir 'n lekker steek met sy vurk.

Ja, goed, dit is seker grillerig. Maar dit is 'n gemiddelde, ek-het-al-voorheen-hiervoor-gegril grillerig. Roman Polanski sou dit beter kon doen. Dit is egter nie asof die man nie talent het nie. Hy het hard probeer, maar doen aan Afrikaanse gruwelverhale wat Steve Hofmeyer aan die musiek gedoen het. En dit is te obseen om hier te noem.

*Die duiwel se tuin* lees definitief heelwat makliker as Bloemhof se debuutriller - *Die nag het net een oog* - en ek veronderstel daar ís mense wat nog nie genoeg gehad het van Satanisme nie. Diégene kan dit gerus maar probeer. Maar moenie teleurgesteld wees as jul enigste blywende gedagte op die ou end dieselfde as myne is níe: slagters en predikante is darem ook nie meer wat hulle was nie.



# Ballet is bo!

**BALLET CAMILLE**
**CHOREOGRAFIE Veronica Paeper**
**MET Carol Kinsey en Johan Jooste**
**TEATER Nico Malan**

Deur Herman Wassserman

DAAR is 'n toneel in *Children of a lesser God* waarin William Hurt aan sy dowe minnares met handgebare probeer voorstel hoe musiek klink. Ballet is in 'n groot mate só 'n verduideliking. Met vloeiende armbewegings, swewende bene en dartelende voete is ballet musiek in beweging, sigbare klank.

Baie studente verkeer egter onder die indruk dat ballet 'n hoogs gesofistikeerde kunsvorm is wat alleen toeganklik is vir kenners. Hoewel 'n kennis van ballettegnieke seker nodig is ten einde die gehalte van 'n opvoering te beoordeel, is só 'n kennis geensins nodig om dit te kan geniet nie.

*Camille* ís 'n ballet gegrond op Verdi se opera *La Traviata*. Die verhaal is oorspronklik geskryf deur Alexandre Dumas (*Le Dame aux Camelias*) en handel oor 'n man (Armand) wat verlief raak op 'n prostituut, Camille. Sy gee aan hom 'n bossie kamelias en nooi hom om haar te besoek wanneer die blomme verwelk. Hulle bly later gelukkig saam, maar op aandrang van Armand se pa verlaat sy hom onder valse voorwendsel. Wanneer Armand later die ware rede vir haar vertrek uitvind, is sy sterwend aan tering.

Hierdie verhaal is treffend deur die dansers vertolk, en die verhouding tussen Armand en Camille vind uiting in sensitiewe tweepasse. Die groepstonele, veral dié in die bordeel, is 'n indrukwekkende vertoning van virtuose choreografie en vlugvoetige danstegnieke. Musiek en dans word 'n eiesoortige taal wat die lotgevalle van die sterwende Camille dalk beter verwoord as wat woorde sou. Toe die dansers na afloop van die vertoning hul buiging maak, was Kinsey sigbaar aangedaan.

Verbreed dus gerus jou ervaringswêreld - gaan kyk hoe musiek lyf word.

# US-koor tree op

Elke jaar bied die Universiteitskoor van Stellenbosch 'n spesiale konsert vir studente aan. Dié jaar sal die konsert op Saterdag 9 Oktober om 18:30 in die Endlersaal plaasvind. Kaartjies sal by die deure beskikbaar wees teen R5 vir studente en R10 vir volwassenes.



# Jive to Roxy's rhythm

By Carey Bremridge

AS one steps into Roxy's Cafe (opposite Hombre) the feeling is: "Haven't I been here before?"

Well, even if you haven't actually been to Roxy's, you've probably experienced a similar place in the movies. Roxy's is your typical American milkshake-juke-box-burger-joint, decorated in ice-creamy blue, green, lemon and pink pastels; high stools at the counter; Beatles and Elvis posters, guitars and music discs against the walls.

Owners Carina and Theo Ruthven offer a friendly smile and a chat, which definitely adds to the warm Sixties atmosphere. Carina says she knows what being a student is all about. When she was a student here, unable to go home over weekends, she remembers how much she enjoyed having a friendly place to drop in at and chat amongst friends, have a bite to eat or a cup of coffee, at all hours of the day (or night). At the same time she remembers the feeling of running out of money at the end of the month and is therefore very willing to let customers buy on credit and run up a tab.

Whilst I was there, two or three people popped in just to say hello. Carina says Roxy's is a place for students - if they just want to sit down and read the paper or watch TV without ordering, they are most welcome. "Dit is definitief 'n kuierplek."

Looking at the menu, however, one will want to order. The prices are excellent. For example, on the specials list, steak and chips costs only R7,35. And the quality is great.

And, as from last week, Roxy's has been offering more than just milkshakes, burgers, pies and sandwiches: it is now operating with a full liquor license, and considering they are open until 3am (or until the last customer decides to go home), things are definitely looking up. Future plans include live music in the evenings. From next month, Roxy's will be doubling in size as they are taking over the premises of the shop next door.

If you haven't yet experienced it for yourself, be sure to drop in and give it a try...

☎ 833362
TELEFONIESE BESTELLINGS EN AFLEWERINGS
BESIGHEID EN KAMPUS AREA

SNACK SHACK

Ryneveldstraat 40
(langs "Edrich"?)

The take-away with a difference

ONS "SPECIALS"

● Burgers + chips ● Jaffels
● Baked potatoes (Spuds)
● Pasta-, Chicken, Lasagne. Tagliatelli
● Crispy Salads ● Sandwiches
● Coffee/cuppicinio
● The very best strawberries in brandy & pepper Cream.

Loer in, neem weg of bly sit en kuier
Oop tussen halfagt in die môre tot twee uur in die môre.

... in regte Franse straatkafee atmosfeer

GESOEK: Mans en Dames studente wat ekstra inkomste wil verdien vir aflewering in koshuise — kontak Conrad by Snack Shack.



# Sonder surfers, sinksalf, roomyse en blêrende musiek in Ciskei

Deur Herman Wasserman

DAAR is ander maniere om vakansie te hou as tussen surfers vol sinksalf, gillende kinders met druppende roomyse en Citi Golfs met blêrende musiek. Ciskei is die ideale plek vir vakansiegangers wat wil ontsnap van 'n tipiese yuppie-vakansieoord.

Ciskei is vir baie voornemende vakansiegangers nog vreemd en onontdek, hoofsaaklik vanweë berigte van geweld. Hierdie vrees is egter ongegrond - dis meer vreedsaam as die N2.

Hoewel daar baie te sien is in Ciskei, is dit veral geskik vir die buitelugentoesias. Die Amatola-staproete bied die ideale geleentheid om te ontsnap van die grootstadstres. Met afstande wat wissel van tussen vyftien tot twintig kilometer per dag, is dit ook nie net bedoel vir ystermanne en -vroue nie. Die staproete, bestaande uit twee tweedag-roetes, neem jou deur bosryke valleie, tussen bosplantasies deur tot op die bergtoppe. Die oornaghutte is goed toegerus en in een van hulle is daar selfs twee kaggels om (saam met die soetwyn waaraan so swaar gedra is) die nagkoue te verdryf.

Ciskei verstom die reisiger met 'n eiesoortige natuurlewe, rustige slaapdorpies met meer bokke in die strate as inwoners, en vriendelike, altyd-reg-vir-gesels-mense.

Pak jou rugsak en gasstofie en ontsnap na Ciskei. Elke stowwerige sonsopkoms oor die heuwels sal jou blymaak dat jy gegaan het. En jou laat besef jy's 'n klein kuiergas in Afrika.

# Hi-tech dinosaurs

**FILM JURASSIC PARK**

**DIRECTOR Steven Spielberg**
**STARRING Sam Niell, Laura Dern, Jeff Goldblum, Richard Attenborough**

By Keith Bain

*JURASSIC PARK* will have you biting your nails and tearing the fabric from your seat. While shrieks of delight and screams of nightmarish terror fill the auditorium, you'll be left wide-mouthed and wondering-(fearing?) as to just how real Steven Spielberg's vision of Michael Crichton's fantasy could ever be.

State-of-the-art special effects, animation and live action figures come together in a way which has never been seen before. This, at last, is the science fiction story of dinosaurs brought to life in the Twentieth Century through the miracle of genetic engineering. And, this is the science fiction tale that will blow your mind away.

Richard Attenborough plays an eccentric, anxiously excited theme park developer-cum-scientist with a penchant for paleantology and bio-engineering. His latest and greatest development is a seemingly tranquil tropical paradise off the Costa Rican coast. This beautiful island appears, at first, to be untouched by human hands.

Our ideas are, however, soon brought into line as we discover that this is no ordinary place - not only is it covered with plants which clearly do not belong in our century, but it is also teeming with dinosaurs, which everyone knows have been extinct for around 65 million years.

As its name implies, *Jurassic Park* brings to life a time when the monstrous Tyrannosaurus Rex and its cronies ruled the Earth. As this thriller develops, one is soon to discover that they ruled our planet without taking orders from anyone.

The movie takes us, along with its human stars, on a prototype journey through the man-made park. Things get off to a rather uneventful start, but soon take a thrilling turn for the worse. Circumstances bring our heroes into close-up, frightening contact with terrifying, yet majestic, prehistoric monsters which, as film fate would have it, are accidently roaming the island with nothing but lunch on their reptilian minds. The tension does not take much time to escalate towards a frenzied adventure of life-threatening proportions.

But, *Jurassic Park* is not merely a juiced-up horror movie - it's also a frightening look at the ethical implications of genetic manipulation. As Jeff Goldblum's chaos-toting character continually reminds us - everything on the island is really as unnatural as the computers which automate the environment. One's mind is constantly flung between states of fascination and revulsion as Spielberg's monsters attempt to reclaim their world.

Even if the story fails to grab your imagination, the visuals and splendid photography will keep you glued to your seat while your brain battles to sort fact from fantasy. A number of interesting scientific questions are also explored, along with a host of new and exciting theories in the paleantological world. These are handled with a visual dexterity which can only be captured on moving film.

Sam Neill and Laura Dern give tightly executed performances as overwhelmed, yet sceptical, scientific experts on the Jurassic age. Together with the handful of other humans on the island, they form a richly textured tapestry into which Spielberg has woven a vigorously entertaining adventure. Unlike many recent high-tech movies, the special effects and creatures do not overwhelm or dominate one's experience of the film. Instead, everything seems to come together to create an experience which leaves just enough questions unanswered, so as to make a sequel a foregone conclusion.

Don't wait for this brilliant film to make its way onto video, because you'll be sorely disappointed. For life-size realism, *Jurassic Park* must be seen on the big screen. And if you can afford it, you'll just have to see it more than once...



Scaly monster: a rather unnerving extreme close-up of those reptilian monsters which peer through the screen with little else but lunch on their minds. *Jurrasic Park* has been acclaimed as one of Speilberg's the greatest feats in special effects and is tipped to topple *E.T.'s* prize position as a box-office hit.

# Stellenbosse Student '93 verskyn volgende kwartaal

Deur Louise Erasmus

DIE STELLENBOSSE STUDENT, jaarlikse glanstydskrif van die Universiteit van Stellenbosch, verskyn op 6 Oktober. En vir diegene wat nie meer kan wag nie, sal kopieë reeds op 5 Oktober by Camelot beskikbaar wees.

Die tydskrif lys al die gebeure van die afgelope jaar op kampus, van sport tot kultuur. Maar koshuisgebeure bly ook nie agter nie.

Verder spog die redaksie met drie honeursstudente in joernalistiek. Alhoewel die redaksielede op meriete gekies word, is elkeen welkom om aansoek te doen. Vanjaar se redaksie wil 'n aanbeveling maak dat 1994 se redaksie nou reeds in Oktober gekies moet word om hulle taak vir volgende jaar te vergemaklik.

Die redaksielede was hierdie jaar meer by mekaar se pligte betrokke en het as 'n ware span saamgewerk. Werkswinkels is ook gehou om elkeen se kennis van bladuitleg en effektiewe gebruik van foto's te verbeter.

Die *Stellenbosse Student '93* het vanjaar 'n hele paar nuwe verrassings. Dit is nie net dikker nie, maar spog ook met veel meer kleur as vorige jare.

Soos die redakteur, Julia Anderssen, tereg opmerk: "Sekere gebeure, soos Karnaval kan net in kleur vertel word." Die kleur is egter gelyk versprei oor die verskillende afdelings.

Julia en die assistent-redakteur, Kobus Burger, sorg vir 'n hoofberig met 'n verskil en daar is ook 'n onderhoud met vrae aan die nuwe rektor, prof Andreas van Wyk.

Die beleid van die redaksie was 'n strewe na hoë kwaliteit en aantreklikheid.

En aandag sal dit trek. Julia en Kobus hou nie verniet die voorblad só 'n groot geheim nie...

# Skilderye wat fluister

Deur Daleen Lordan

KUNS, musiek en 'n rustige atmosfeer. Miskien 'n koppie koffie wyl rustig deur 'n boek oor 'n gunsteling kunstenaar geblaai word. Dít is die Stellenbosch Kunskamer.

Hierdie rustige, stylvolle galery is geleë in die Volkskasgebou, Pleinstraat. Dit het onlangs eers geopen, maar word reeds gereeld besoek. Aan die stuur is die baie ambisieuse Hester Grobbelaar.

Die Stellenbosch Kunskamer bied kuns vir elkeen - van kunsversamelaars tot die... wel, ietwat platsak student. So is daar byvoorbeeld werke van Gregoire Boonzaaier, Walter Battis en Douw F Briers. En daardie kaal kol teen die muur kan netjies gevul word met Lizette Botha se interessante etse. 'n Waterverf skildery van oom Samie se winkel en ander antieke geboue vind jy tussen die Jean Doyles en die Larry Scully's. Beethoven en Mahler herleef op die agtergrond.




So, het jy dalk tyd te verwyl, maak 'n draai by die Stellenbosch Kunskamer. Tussen skilderye wat sing, praat en fluister, vind jy dalk jouself terug.


LIBERTAS THEATRE TEATER
BIRD STREET · STRAAT STELLENBOSCH
TEL. (8) 833649

SCREENING DETAILS

| 24-30 SEPTEMBER | 1-7 OCTOBER |
| --- | --- |
| **FRI 24:** 8.00 pm Malcolm; 10.00 pm *A Winter's Tale*; Midnight My Own Private Idaho | **FRI 1:** 8.00 pm *Fausto*; 10.00 pm Three of Hearts; Midnight Delicatessen |
| **SAT 25:** 2.00 pm Malcolm; 4.00 pm The Playboys; 6.00 pm *My Favourite Season*; 8.15 pm Delicatessen; 10.15 pm *Thirst for Gold* | **SAT 2:** 2.00 pm Malcolm; 4.00 pm Three of Hearts; 6.00 pm Playboys; 8.00 pm *Tango* |
| **SUN 26:** 3.00 pm The Playboys; 5.00 pm *Little Prince Said*; 7.00 pm My Own Private Idaho; 9.00 pm Les Ripoux | **SUN 3:** 3.00 pm *Fausto*; 5.00 pm Three of Hearts; 7.00 pm Delicatessen; 9.00 pm Les Ripoux |
| **MON 27:** 6.00 pm *A Winter's Tale*; 8.00 pm Delicatessen; 10.00 pm Three of Hearts | **MON 4:** 6.00 pm Ivan & Abraham; 8.00 pm My Own Private Idaho; 10.00 pm Three of Hearts |
| **TUES 28:** 6.00 pm My Own Private Idaho; 8.00 pm Three of Hearts; 10.00 pm *Arizona Dream* | **TUES 5:** 6.00 pm *Tango*; 8.00 pm Three of Hearts; 10.00 pm My Own Private Idaho |
| **WED 29:** 6.00 pm Delicatessen; 8.00 pm *Tango*; 10.00 pm Three of Hearts | **WED 6:** 6.00 pm Delicatessen; 8.00 pm *Fanfan*; 10.00 pm Three of Hearts |
| **THURS 30:** 6.00 pm Three of Hearts; 8.00 pm Les Ripoux; 10.00 pm My Own Private Idaho | **THURS 7:** 6.00 pm Three of Hearts; 8.00 pm *Ivan & Abraham*; 10.00 pm Les Ripoux |

* PICK OF AIR FRANCE FESTIVAL FILMS IN ITALICS

LIBERTAS THEATRE TEATER
BIRD STREET · STRAAT STELLENBOSCH





SALON WILAINE

EERSTE VERJAARDAG

SPESIALE AANBIEDINGE

Geldig tot 30 September '93

HIGHLIGHTS with cut & blow R50

PERMS Normal R50-R70
with cut & blow

Acid R95



Elaine



Rosie en Sonia

WOENSDAGAANDE OOP TOT 19:00
UNIEPARK WINKELSENTRUM
STELLENBOSCH • TEL:83-2604



STUDENT gesoek vir naweekwerk

Saterdae en/of Sondae, maar ook openbare vakansie dae. Moet bereid wees om soms skoftе te werk en moet oor eie vervoer beskik.

Kontak die bestuurder by Tel: (02231) 93155 of ná werk 26/09/93 by (021) 8893155



STUDENT TRAVEL DISCOUNTS

WITH:

UCT (021) 685 1808

CAPE TECH 460 3502

CAPE TOWN 21 6438

SASTS

- Student only airfares – before you buy your ticket, check out our prices

- Travel discount cards
- International student cards (ISIC)
- Youth hostel card

– Now available from Ruda at SR offices, Neelsie

- 10 % discount Translux Buses Routes
- Discount Travel Insurance
- Kibbuts
- Au pair
- Contiki, Trek America

# 'n Engel by jou tafel

Deur Johan van Zyl

DIE jongste film van Jane Champion, wenner van die Goue Palm-toekenning by vanjaar se Cannes Filmfees in Frankryk met *The Piano*, se jongste film het Suid-Afrika pas bereik. Dit heet *An angel at my table* en handel oor die lewe van die Nieu-Seelandse skrywer Janet Frame. Die film het agt Venesiese filmpryse gewen.

*An angel at my table* is rofweg gegrond op Frame se drie boeke: *To the Is-land, An angel at my table* en *The Envoy from Mirror City*. Kerry Fox vertolk die rol van Frame wat alleen en sonder speelmaats grootgeword het. Sy is later as skisofrenies gediagnoseer en moes skokterapie in 'n inrigting ontvang. Sy het van die realiteit ontsnap deur verhale te skryf wat opslae gemaak het. Haar eerste boek, *The Lagoon*, het 'n belanglike literêre prys gewen en haar gered van 'n hangende eksperimentele leukotomie-operasie wat haar heel moontlik van enige kreatiwiteit sou ontneem.

Die rolprentkyker het reeds van die begin af 'n deernis vir Frame. Sy raak totaal en al in eensaamheid verstrengel. Later kan sy glad nie aanklank vind by mense nie. Champion se medemenslikheid en vars benadering tot die uitbeelding van die karakters is treffend. Sy probeer nooit vertonerige of sentimentele feministiese statements maak nie, maar 'n mens sou tog *An angel at my table* as 'n vrouefilm kon sien. Vroue se gedagtes en aspriasies staan sentraal in die verhaal.

Die film is weliswaar taamlik lank, maar moenie dat dit jou afskrik nie. Dit is een van daardie films wat jou laat dink. Miskien voel jyself soos die regisseur: "From Janet I got the underlying essence of the words, what words could do and how they could fire the imagination."

En dalk word jy een oggend wakker met 'n engel by jou tafel, een wat heel moontlik vir jou ontbyt in die bed sal bring.

# Dit is uiteindelik hier: Jappie-hemel by De Balke

Deur Sybrandus Adema

VIR al die ek-wil-'n-jappie-wees studente, het daar nou die perfekte plek oopgemaak. Klub De Balke het Vrydagaand by die Wine Route Hotel afgeskop met 'n streng drag (en gedrags-) kode, goeie vonkelwyn en uitsmyters wat jou vir wapens deursoek.

Diegene wat ouer is as twintig en van baie veelkleurige liggies hou wat teen agtiende-eeuse binneshuise versiering flikker, sal absoluut mál wees oor dié plek. Hulle handhaaf ook redelike vanpaste reëls, byvoorbeeld dat geen dronkenskap toegelaat word nie (lees, geen Simonsbergstudente nie).

Verder is T-hemde, sweetpakbroeke en plakkies definitief klere *non grata*.

Die drankpryse is heel skaflik, die besoekers "duidelik in 'n ander klas" en die musiek wissel van tagtigs-disko tot 'n paar eietydse komposisies.

So, alle studente met geld (of wat dink julle het), kry jul jappielywe by Klub De Balke uit en sien waaroor die "regte ding" gaan.

## MATIE MOVIES

Deur Ryan Hitchcock

### ALLADIN ★★★★

Walt Disney het met animasie die enigste goue lamp aan die Amerikaanse filmindustrie gegee. En dit skitter. Tegnies is die prent uitstekend en realisties. En stap jy by die teater uit, wens jy jy kon vlieg soos daai genie.

### BENNY & JOON ★★★

Benny is normaal en Aidan Quinn; Joon is geestelik versteurd en Mary Stuart Masterson; en Johnny Depp is Sam en nie lelik om na te kyk nie. Die film is skreeumal, maar nie 'n komedie nie. Dit bied goeie ontvlugting van predikate.

### HOT SHOTS 2 ★★

Soos gewoonlik was die eerste fliek beter. Die humor begin goed, maar ná 'n tydjie val dit kop eerste in die stof.

### SON-IN-LAW ½

Pauly Shore is eksentriek, liefdevol en enige skoonpa se nagmerrie. Die rolprent is snaaks en verdien 'n halwe ster; die regisseur moet immers beloon word vir sy valerige, vakerige, flouerige, vervelige humor. Vermom jouself voor jy die fliek gaan kyk - netnou herken iemand jou.

## Independent films at last in Stellenbosch

THE Stellenbosch Independent Film Festival should actually have been called the First Stellenbosch Independent Film Festival, because it will probably evolve into an annual event, much larger than now.

All the films featured on the programme are independently produced films, outside the destructive studio system, primarily American. None of the films featured here have distribution in South Africa. They are rare gems which should be seen, and were selected because of their contribution to cinema.

The festival also features new releases which have not been screened in this country before.

The film festival makes use of hitech big-screen video projection, since none of the films are readily available in the country in celluloid form, and importing is too expensive.

# Warm studentekuns in die dosie

Deur Laetitia van der Merwe

**UITSTALLING Finale Jaar Grafiese Kuns Galllery de Lyons**

VERBEEL jou jy kry 'n bruin dosie met 'n rooi rissie in, een wat sê: *Hot Exhibits*. En dae later die ewe bruin aanmaning: *Remember, remember 21st September*. Nee, dis nie mnr Lucifer se uitnodiging na sy kokende partytjie in die warm plek nie, die vierde jaar grafiese kunsstudente het bloot Dinsdagaand hul end of the year exhibition in Gallery de Lyons geopen.



Jean Hofmeyr

Vyftien studente het van hul beste werke ten toon gestel. Onder hulle tel Marnelle van der Merwe, Joyce Kriel, Heidi Pietersen, Anka Joubert, Yvonne Muller, Gareth Chisholm, Tina Bester, Tania van Wyk, Sonja Hendrikse, Liberty Grant, Cedelle Hattingh, Penny Cheesman, Dieter Losken, Jean Hofmeyr en Tessa Gurney. SANTAM het vroeër ook aan laasgenoemde twee deelnemers gesogte kunsbeurse toegeken.

Mnr Pienaar van Niekerk, 'n d... sent aan die Departement van Be... dende Kunste (US), het die uitst... ling geopen en meer vertel van d... grafiese kursus wat aangebi... word. Die kursus is volgens ho... baie vry en laat spesialisasie in v... skeie velde soos illustrasie en fo... grafie toe.

Die gasspreker by die uitstall... was die kreatiewe direkteur v... Cream, mnr Mike Want. Hy het d... studente en dosente geluk gew... met hul "exeptional" uitstalling... bygevoeg dat dit definitief nie... load of advertising bullshit" is ni...

Die kunstenaars en hul werk h... 'n goeie indruk op die kenners... maak, en soos die dosie gesê h... was dit warmer as wat mnr Luci... ooit kan droom om te wees.

* Die uitstalling duur nog ... môre. Gallery de Lyons is in Br... straat, Kaapstad geleë.

# Weer baie feestelikheid in die komende vakansie

Deur Daleen Lordan

AS jy gedink het hierdie vakansie op Stellenbosch gaan vir een oomblik vervelig wees, moet jy weer dink, want die Bos hou weer fees.

Die Stellenbosch Straatfees open op 25 September met 'n tradisionele straatfees en -mark met meer as 120 kuns- en handwerk stalletjies. Daar sal ook straatmusiek en verversings beskikbaar wees.

Onder die groepe wat optree is 'n Kaapse Klopse-groep, "gumboot"-dansers, die Philandi Dansers, 'n Boere-orkes, die Hugo Lamprects saksofoon-trio en die Pablo Navarro-trio.

'n Aantal klassieke werke word ook deur vooraanstaande kunstenaars in die Universiteit van Stellenbosch Konservatorium aangebied. Een van die belangrikste kunstenaars is David Geringas, wat na veertien jaar sy tweede besoek aan Stellenbosch bring. Geringas, wat as een van die top tjelliste in die wêreld beskou word, sal werke van onder andere Schubert, Wolfl en Beethoven aanbied.

Gérard Korsten en Albie van Schalkwyk vorm 'n gedugte span van viool en klavier. Saam bied hulle die werke van Bach, Bartok en Beethoven aan.

Die fees word op 2 Oktober afgesluit met 'n optrede van die Sweedse dirigent Eric Ericson, 'n professor in koormusiek en 'n legende in sy vakgebied. Met sy eerste besoek aan Suid-Afrika sal hy die Stellenbosch Universiteitskoor, die Stellenbosch Camerata en die Tygerberg Kinderkoor voorgaan.

Meer inligting oor die straatfees kan verkry word van Sanita van der Merwe by (02231) 6356 en Nana Wagner (musiek) by (02231) 833891.

# KAMPUSKALENDER

## FILM

### Labia

24-30 Sept: *Bitter Moon, Rama Dama, Sofie, Bob Roberts, Waterland, I Don't Buy Kisses Anymore, The Playboys, Thirst for Gold, Little Prince Said, Arizona Dream, The Visitors, Wonderful Times, A Winter's Tale, My Favourite Season, 1,2,3 Sun, Being at home with Claude, Tango, Celine, Safe Journey*

### Baxter

24-30 Sept: *Betty Blue, I Don't Buy Kisses Anymore, Three of Hearts, Slacker, Brave Little Toaster, Malcolm, Wisecracks, Choose Me, Falling Down, Jungle Fever, Bob Robert-s Army of Darkness, Blade Runner, Delicatessen*

### Libertas

24-30 Sept: *Malcolm, A Winter's Tale, My own private Idaho, The Playboys, My Favourite Season, Delicatessen, Thirst for Gold, Little Prince Said, Les Ripoux, Three of Hearts, Arizona Dream, Tango*

### US Filmvereniging

6 Okt: *The Lost Honor of Katharina Blum* (Volker Schlöndorff / Margarethe von Trotta, Germany 1975)
13 Okt: *Freaks* (Tod Browning, USA 1936)

## KUNS

### Sasol Kunsmuseum

-3 Okt: Geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch: 75 jaar

### US Kunsgalery

-21 Okt: Skilderye en tekeninge van Erik Laubscher

### New La Rochelle Gallery

1 Okt: Hierdie gallery word w... geopen deur David Ras op Tul... Skakel Rochelle (023) 30045... Maria (021) 452187 vir enige na...



## TEATER

### Baxter

13-16 Okt: *Contra Dance* deur Bop dance company
5-9 Okt: *Cape Town Dance Show* 'n unieke geleentheid om te kyk die diversiteit va die Kaapse dan... lent
14-15 Okt: *Oscar Wilde-A night the academy awards*
5 & 12 Okt: *Marvellous Mendels... en Fourth Quarterly Concert*
12-22 Okt: *Reaching Out-Ger...* book exhibition 1993, Namibi... South Africa

### Nico Malan

-5 Okt: *Orpheus in the underw... ballet*
7-8 Okt: Tapei folklore dance company
-17 Okt: *Aida*
-10 Okt: *Mozart Requiem*
-2 Okt: BP showcase of comm... plays
12-30 Okt: *Dying breed*-a musical comedy
2-16 Okt: *Arcadia*-a new play by Stoppard

### Theatre on the Bay

-25 Sept: *Jeeves takes charge*-... matable unorthodox valet (Ma... Terry) comes to the rescue!
28 Sept-16 Okt: *When the co... away*-with Tobie Cronje


STELLENBOSCH INDEPENDENT
FILM FESTIVAL
SAVAGE EYE FILMWORKS &
STELLENBOSCH FILM SOCIETY
in association with CROWN PREMIUM DRY
PRESENTS




SOUTH AFRICAN CINEMA: Andrew Worsdale, Mike Hammon, Jean Delbeke, Richard Stanley
CUBAN CINEMA: Juan Carlos Tabio, Fernando Perez, Juan Padro, Tomas Gutierrez Alea, Pastor Vega
DOCUMENTARIES: Jurgen Schadeberg, Peter Davis, Phillip Brooks, Nic Broomfield
CULT FILMS: Jodorowski, Wim Wenders, Derek Jarman, Werner Herzog, Jim Jarmusch, Tsukomoto, Leos Carax, Pedro Almodovar, Remy Belvaux, Tom Kalin & Todd Haynes
SHORT FILMS: South African underground short film programme consists of films by young directors
(for more detail, see programme available free at Computicket outlets)

SPONSORED BY CROWN



MON 4
5:30: Spinal Tap
7:30: Women On The Verge Of A Nervous Breakdown
9:30: South African Underground (short film compilation)*

TUE 5
5:30: Down by Law
7:30: Tetsuo - The Iron Man (introduced by Dr Edwin Hees US-Bosch)
9:30: Sante Sangre

WED 6
5:30: To Be Announced
7:30: Hello Hemingway (introduced by Dr Carlos Mai Zabala)
9:30: The Schoolmaster

THU 7
5:30: Eileen Wuornos
7:30: Portrait of Teresa
9:30: Piaff

FRI 8
5:30: Vampires in Havana & Kid Chocolate
7:30: Wheels & Deals (introduced by Lady Mars / UCT)
9:30: Spinal Tap

SAT 9
3:30: The Last Supper
5:30: Down by Law
7:30: Hardware
9:30: Piaff

SUN 10
3:30: In Darkest Hollywood
5:30: Women On The Verge Of A Nervous Breakdown
7:30: South African Underground (short film compilation)*
9:30: Vampires in Havana & Kid Chocolate

MON 11
5:30: To Be Announced
7:30: Hardware
9:30: Last Supper

TUE 12
5:30: Drowning by Bullets
7:30: Swoon
9:30: Even Dwarfs Started Small

WED 13
5:30: To Be Announced
7:30: Man Bites Dog (discussion by Prof. Degenaar - US)
9:30: Poison

THU 14
5:30: Poison
7:30: Spinal Tap
9:30: Lovers on the Pont Neuf

FRI 15
5:30: Swoon
7:30: Sante Sangre
9:30: The Garden

SAT 16
3:30: Kings of the Road
5:30: Man Bites Dog
7:30: Trust
9:30: Women On The Verge Of A Nervous Breakdown

SUN 17
3:30: Even Dwarfs Started Small
5:30: Hardware
7:30: Lovers on the Pont Neuf
9:30: Trust

*South African Underground Short Film Programme films by young directors Journey into the Heart of It; King's Car; King for the Knight; Crossing the Line; Syzygy; Coda; Wars Ballerina; Love & Rockets

FESTIVAL INFORMATION
* Transport available to and from venue - 15 Minutes before screening outside Campus Admin Building
* Free programme with ticket - ask for it
* Ticket Price R7.50 from Computicket and at the door (Bookings from Mon 27 Sept)
* For more information, phone 02231 - 92 369

# Lot van gestremdes by US onder soeklig

**Meer as tien persent van die Suid-Afrikaanse bevolking is gestremd. 'n Mens sou verwag dat hierdie mense so ver as moontlik deur die res van die samelewing geakkomodeer sal word, om sodoende die moeilikhede wat hulle daagliks ervaar te vergemaklik. Dit blyk egter asof daar weinig gedoen word om die lewens vir gestremdes makliker te maak. Nicola Schoeman en Charlotte Brink het gaan ondersoek instel en gevind dat daar ook op die US kampus 'n behoefte bestaan aan meer fasiliteite vir gestremdes.**

IN die hedendaagse samelewing word toenemend aangedring op vroueregte en regstellende aksie ten gunste van anderskleuriges, maar weinig word ten opsigte van gestremdes gerep.

So beweer me Terry Betty in haar artikel "The disabled seek jobs, not quotas", in die *Sunday Times* van 12 September. Gestremdes maak meer as 12,7 persent van die Suid-Afrikaanse bevolking uit, maar slegs 1 persent van hierdie groep maak deel uit van Suid-Afrika se werkslui. Hoe raak hierdie situasie gestremde studente aan die Universiteit van Stellenbosch?

Dit is verblydend dat daar wel inisiatief deur gestremde sowel as niegestremde studente geneem word om ook kampuslewe so aantreklik en aangenaam as moontlik vir die gestremde studente te maak. Mnr Nils Flaatten, 'n eerstejaar BA-student, wou homself verkiesbaar stel vir die 1993/94-Studenteraad, maar aangesien hy nog nie die vereiste drie semesters op Stellenbosch deurgebring het nie, is hy kandidatuur geweier. Die eerste punt van mnr Flaatten se beleidsverklaring stel spesifiek die verteenwoordiging van gestremde studente ten doel. Volgens mnr Flaatten word daar wel probleme met betrekking tot geriewe vir gestremde studente op Stellenbosch ondervind. "Die US beskik oor beperkte fasiliteite vir gestremde studente. Die Menslike Beweegkunde-fakulteit bied wel voldoende fasiliteite. Die Gericke-biblioteek het beperkte geriewe; die BJ-Vorster-, Schumann- en Wilcocks-geboue asook die Langenhoven-studentesentrum het geen fasiliteite nie. Die Administrasiegebou beskik oor twee hysbakke en 'n oprit."

Mnr Flaatten het 'n groep gestremde studente byeengebring en sekere kwessies is bespreek. Die doel van die besluite wat geneem is, moet as 'n konstruktiewe aksie beskou word en nie as 'n middel om aanvalle op sekere organisasies te loods nie. Mnr Flaatten beweer dat dit wil voorkom asof Administrasie nie die gebrek aan geriewe in 'n ernstige lig beskou nie. Die informele gespreksgroep voel dat Administrasie die verantwoordelikheid het om hierdie studente te help en die fakulteite sodanig te verbeter dat dit 'n aantrekkingskrag van die Universiteit word. Hulle wil aandag op hierdie situasie vestig deur vroeg in die komende kwartaal 'n optog na Administrasie te organiseer en met die Rektor te praat. 'n Afspraak sal voor die tyd gemaak word en die optog sal op konstruktiewe en positiewe wyse geskied. "We do not want to demand anything, but merely highlight the problems and ask for a follow-up appointment. The reason for a march is to create an awareness about handicapped issues amongst Stellenbosch students", het mnr Flaatten gesê.

Mnr Johan Aspeling, Assistent-Registrateur:Studentesake (Administrasie) stel voor dat die kwessie oor gestremdes nie-aanvallend hanteer moet word. "Sodra dit 'n aanvallende houding aanneem, verander dit in 'n kwessie van 'ons' en 'hulle'. Hierdie baie teer saak moet positief benader word, aangesien baie gestremdes hulleself nie as gestremdes beskou nie. Wat geriewe op kampus betref, bestaan parkering vir rolstoele voor die Administrasiegebou en Kampusbeheer. Ander studente neem egter hierdie parkeerplekke in - hulle motors moet weggesleep en toegesluit word. Die Bedryfsielkunde-gebou het 'n oprit by die agterdeur; by die Wilcocks-gebou is 'n oprit aan die kant aangebring. Studente moet gestremde mede-studente as gelykes behandel en behulpsaam wees."

**"Sodra dit 'n aanvallende houding inneem, verander dit in 'n kwessie van 'ons' en 'hulle'. Hierdie baie teer saak moet positief benader word, aangesien baie gestremdes hulleself nie as gestremd beskou nie."**

'n Lys van die gebrek aan fasiliteite op die kampus van die Universiteit is deur mnr Flaatten opgestel. Wat parkering vir gestremdes betref, word aksie blykbaar deur Kampusbeheer geneem om die situasie te verbeter. 'n Poging word ook aangewend om bewuswording onder studente aan te kweek. Tafels en rekenaartafels in die biblioteek is te laag vir rolstoele. Brailledienste is slegs in werkende orde gedurende eksamentyd en nie tydens toetsreekse nie. Die deure van die huisbakke in die BJ Voster-gebou maak te vinnig toe. Lokaal 230 in die BJ Vostergebou is ontoeganklik vir rolstoele. Die hysbakke in die Schumann-gebou open nie op die eerste vlak van die gebou waar al die klasse geleë is nie. Die eerste vloer is toegebou en dit sal glo R16 000 kos om te herstel, wat in mnr Flaatten se opinie 'n goeie belegging sal wees. In een hoek langs die Studentekerk is 'n afvoersloot as gevolg waarvan rolstoele en driewielfietse nie die kerkterrein sonder meer kan bereik nie.

Hoe sien beroepsgeleenthede vir gestremde studente daar uit? Vir nie-gestremde studente wat hulleself te midde van beperkte werkgeleenthede en 'n wêreldwye resessie bevind, is die toekoms duister. Vir gestremde studente is dit nog erger. Me Chareen Grobler, regstellende aksie-afdelingslid van die Instituut vir Personeelbestuur, sê gestremdes soos syself het nie welsyn nodig nie; bloot beroepe waarvoor hulle oor die vermoë beskik om te behartig. Staatstoelae aan gestremdes beloop so min as R370 per maand vanaf vandeesmaand.

"Gestremdes verkies om te werk - dit is belangrik vir hul waardigheid en trots. Indiensneming los baie probleme op, omdat dit mense aanmoedig om hul gestremdheid te aanvaar en dit bou die selfbeeld van gestremdes op. Die grootste probleme van gestremde werkers is soortgelyk aan dié wat op Stellenbosch onder die studente ondervind word: 'n gebrek aan openbare en ander vervoer, swak toegang na baie geboue en die negatiewe houding van sommige werkgewers. Gestremdes wat tot die arbeidsmark toetree, word ongelukkig dikwels uitgebuit," het sy gesê.



Aan die positiewe kant bestaan organisasies soos die Nasionale Raad vir die Fisies Gestremdes in Suid-Afrika. Hierdie raad tree op as 'n pro-aktiewe forum ter bevordering van fisies gestremdes, om hulle in staat te stel om hul maksimum vlak van onafhanklik en integrasie in die gemeenskap te bereik. Een van die merkwaardigste doelstellings van die raad is die bevordering van mediese, opvoedkundige en sosiale dienste tesame met die fasiliteite vir die bereiking van onafhanklikheid, wat deur soveel fisies gestremde mense benodig word. Dienste wat gelewer word met betrekking tot die arbeidsmark, is gemeenskapsentrums, handwerksentrums, tuisnywerhede, beskermende werkswinkels en finansiële bystand.

Dit is baie beter en meer effektief om lewenskwaliteit deur middel van selfvoorsienendheid te bereik, as om lewenslange afhanklikheid te skep. Die ou Chinese gesegde raak hierdie universiteit ook: "Gee 'n man 'n vis en jy voed hom vir 'n dag; gee hom 'n visstok en jy voed hom lewenslank."

Die gestremde studente aan die US het egter nie net selfvoorsienendheid bekom nie, maar reeds uitstaande resultate in hulle velde bereik. Me Adéle Schammeril is 'n B.Mus-student en het al die WP-orrelkampioenskappe gewen. Sy sien haarself nie as 'n visueel gestremde of blinde persoon nie. Sy noem dat sy eerder met 'n hond oor die weg sou wou as met 'n kierie, maar eie honde word egter nie in vrouekoshuise toegelaat nie. Sy sal 'n brief aan Admin moet adresseer wat die "motivering moet bevat hoekom sy 'n gidshond wil hê asook bewyse vir haar blindheid". Me Schammeril vind dat honde sosiaal meer aanvaarbaar is. Motors wat dwarsoor strate parkeer en die geel paaltjies op kampus grief haar, maar aangesien sy op skool oorbeskerm is, verwag sy hoegenaamd nie dat hierdie obstruksies verwyder moet word nie. Sy sien haarself immers as die blinde in "the real world". "Die rede waarom mense ongemaklik teenoor liggaamlik gestremdes is, is 'n gebrek aan kennis en vrees vir die abnormale. Ek het 'n lae selfbeeld. Ek maak grappe oor blindheid. Nie om myself teen blindheid te beskerm nie, maar om die gebrek vir myself makliker te maak," het sy gesê. Sy draf smiddae (sy het iemand om haar te lei), maar sportgeleenthede vir visueel gestremdes is egter beperk.

Me Leigh-Ann Groeneweg het 'n SA-swemrekord opgestel en die beker vir die beste visueel gestremde gewen. Sy is die eerste visueel gestremde persoon ooit wat die kursus B.Econ aangedurf het.

**"Ek het 'n baie lae selfbeeld. Ek maak grappe oor blindheid. Nie om myself teen blindheid te beskerm nie, maar om die gebrek vir myself makliker te maak."**

In September 1992 het die eerstejaar-Matie, mnr Ernst van Dyk, 'n MBK-student en inwoner van Helshoogte, twee SA-swemrekords vir gestremdes by die Paralimpiese Spele in Barcelona, verbeter.

Tans studeer sowat 40 gestremdes aan die US en sal 'n daadwerklike poging van Admin se kant dalk meer studente kan lok deurdat die kampus meer "gestremd-vriendelik" gemaak word. Wat dié aspek betref, vergelyk die US reeds beter as meeste ander kampusse en behoort hulle daarop voort te bou.

# Voter education: from necessity to reality

**OVER the past few years, democracy has increasingly become a reality in South-Africa, so much so that elections, in which all South-Africans will be able to vote, will be held on 27 April next year. CARIEN DU PLESSIS investigated.**

VOTER education programmes aim at informing people about three things. In the first place, people should know how to vote and feel confident with the mechanics of the voting process. Secondly, people must be willing and able to vote. They must feel safe and secure about voting. The importance of getting registered and obtaining an identity document in order to vote, is stressed. Finally, the importance of making an informed vote is emphasized.

Voter education programmes are run by various organisations and parties all over the country. The Voter Education and Elections Training Unit (VEETU) is a voter education and elections training project, housed by various organisastions across the country, under which the Education Resource Information Project (ERIP) of the University of the Western Cape falls. The Legal Education Action Project (LEAP) is another organisastion which concentrates on the rural areas in the Boland.

## Educational programmes

"The training of voters is both a complex and sensitive undertaking and should take place in the broader context of education for democracy, which gives the inexperienced voter an idea of the importance of participation in a democratic society", said ms Annetjie van der Merwe of the Independent mediation Service of South Africa (IMSSA) at a recent meeting in Cloesville.

The Independent Mediation Sevices of South Africa (IMSA) runs a programme under which 47 people in the Stellenbosch area have been trained to train people to run voter education workshops. These people were given kits which contain all the material necessary for voter education. These kits consist largely of visual material to accommodate illiterate people. Visualization of the electoral process is also the best way to learn.

The programme of IMSA is also used by USKOR, the Univerity of Stellenbosch's Clinics Organisation, who has recently held a workshop where a few volunteers were trained to give voter education. This programme concentrates largely on the workers of campus and in the various residences.

Voter Education is also the principal project for Stem (Students for Human Rights) in 1993. Mr Roger Rudolph, chairman of Stem and conducter of the first voter education workshop ever held in Stellenbosch, says that "it is of vital importance to ensure that people know how to vote and that their vote is secret."

## Voter intimidation

In the Stellenbosch area an Education for Democracy forum has been founded by a few organisations, such as Koinonia, Lawyers for Human Rights, the Volkskerk, Stellenbosch Advice Office and the Rural Foundation. The forum consists of representatives of various organisations, including churches, human rights groups, service organisations and educational groups. The role of the forum is to co-ordinate voter education in the Stellenbosch area and to provide materials for those who conduct voter education in this area.

The forum especially concentrates on reaching illiterate voters, women voters, farm workers and squatters. The problem with these marginalized groups is that there is often a feeling of apathy and powerlessness in these communities. Furthermore, women voters are often dominated by the husband or father.

Voter education aims to free them from any intimidation in this regard and emphasizes that the women should vote and that the choice they make is kept secret. These communities are therefore empowered to exercise their democratic rights.

The problem with voter education at the moment is that the Election Act is not out yet and there is uncertainty as to what the electoral procedure will entail. It is also not yet known which parties will take part in the elections or what their election policies will be.

It is important, however, that education for democracy takes place in time so that there is a greater possibility of free and fair elections in South Africa.

# Nuwe dienspligwet markeer die pas

**Die Verdedigingswysigingswet wat onlangs ter tafel gelê is het kommentaar vanuit heelwat oorde ontlok. Vir die meeste jong wit mans was die afskaffing van diensplig verblydende nuus. Die implikasies van hierdie skielike stap strek egter heelwat wyer. Kampe is byvoorbeeld steeds verpligtend vir diegene wat reeds hulle aanvanklike diensplig voltooi het. JEAN MEIRING het gaan ondersoek instel.**




VERPLIGTE nasionale diensplig vir wit Suid-Afrikaanse mans blyk byna iets van die verlede te wees. Die nuut voorgelegde Verdedigingswysigingswet, wat op 30 Augustus vanjaar ter tafel gelê is, stipuleer dat die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) in die toekoms sal staatmaak op 'n vrywillige Burgermag, saamgestel uit persone van elke ras en geslag.

Die aangewese Hoof van die SAW, Luitenant-Generaal Georg Meiring, ondersteun dié nuwe rigting en beklemtoon dat die nuwe SAW volkome veelrassig sal wees en dat werwing ingevolge 'n vrywilligersisteem sal moet geskied. Hy stel dit ook duidelik dat dit nie verbonde moet wees - of skyn te wees - aan enige politieke party nie.

Die wetsontwerp bepaal spesifiek dat geen Staande Mag-lid ook lid van 'n vakbond mag wees nie en dat geen SAW-lid wat onderworpe is aan die Militêre Gedragskode deel mag neem aan stakings of enige vorm van openbare verset nie.

Dié nadruk op 'n apolitiese weermag weerspieël 'n algemene vrees onder wit Suid-Afrikaners, naamlik dat die SAW in die toekoms deur 'n swart meerderheidsregering misbruik sal word, net soos die Nasionale Party-regering van weleer gedoen het.

Die aanvaarding van dié wetsontwerp sal 'n wesenlike bydrae lewer tot normalisering en legitimering van die weermag. Dit word sedert haas die begin van die onderhandelingsproses uit talle oorde uitgekryt as 'n reaksionêre mag. Beskuldigings dat die SAW betrokke is by die pleeg van politieke geweld is deurgaans deur verskeie politieke groepe gemaak.

Sulke persepsies, gegrond of nie, sal bly voortbestaan solank die Suid-Afrikaanse bevolking deur 'n oorwegend wit weermag beskerm word. Die weermag word immers nog deur die oorgrote meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking beskou as instrument van die wit minderheidsregering. Die opneem van groot getalle swartmense daarin, soos die voorgestelde wet beoog, sal verder teweegbring dat die weermag se beveiligingstaak heelwat vergemaklik word. Die stryd om aanvaarding onder swartmense sal dan grootliks onnodig wees en die weermag se tyd en energie sal toegespits kan word op hul werklike taak.

Die wysigingswet bepaal wel dat werwing vrywillig sal geskied en is dus 'n duidelike poging om die probleem aan te spreek dat talle wit mans teen hul wil opgeroep word, terwyl miljoene jong swart mans werkloos is. Indien daar 'n tekort aan vrywilligers is, word daar voorsiening gemaak vir 'n lotingstelsel vir alle manlike st 10-leerlinge. Diensplig vir vrywilligers én lotelinge sal vir 'n aanvanklike tydperk van een jaar duur, én agt kampe daarna insluit.

> "Die integrasie van MK of ander paramilitêre eenhede in die Weermag voor die April-verkiesing kom neer op 'n 'verdunning' van die SAW."
> - Genl Kat Liebenberg

Ook die kommandostelsel van militêre diens word dus deur die voorgestelde wetgewing verander. Derhalwe val die Aktiewe Burgerlike Reserwemag weg. 'n Beheerde Reserwemag, waarin voormalige lede van die Burgermag en Staande Mag vir sestien jaar dien, word in die plek daarvan ingestel.

Die End Conscription Campaign (ECC) wat hulle lank reeds beywer vir die afskaffing van diensplig, kritiseer egter die wetsontwerp as vaag rondom die kwessie van verpligte kampe. Die persepsie bestaan immers dat voormalige Burgermaglede nog steeds vir kampe opgeroep sal word. Chris de Villiers, woordvoerder vir die ECC, stel dit duidelik dat "daar in beginsel geen verskil is tussen die oproep van 'n persoon vir een jaar se Nasionale Diensplig en vir 'n maandlange kamp nie."

Mnr de Villiers voer verder aan dat, in ag genome die 45 000 Permanente-mag lede, plus die lede van die Tuisland Verdedigingsmagte en Umkhonto we Sizwe (MK), daar 'n surplus opgeleide militêre lede in die land is en daar geen rede is vir die voortsetting van kampe nie.

> "Daar bestaan in beginsel geen verskil tuss[...] die oproep van 'n persoon vir een jaar se Nasi[...] nale Diensplig en vir 'n maandlange kamp nie[...]
> - Chris de Villiers

Volgens die uittredende Hoof van die Weermag, Genl Kat Liebenberg, beoog die voorgestelde wetgewing nie die integrasie van MK of ander paramilitêre eenhede in die weermag voor die April-verkiesing nie. Hy sê so 'n integrasie sal op 'n "verdunning van die SAW" neerkom. "Alhoewel die ANC en MK rondom die onderhandelingstafel sit, behou hulle hipoteties nog die opsie om hulle weer tot die gewapende stryd te wend, indien hulle nie tevrede [...] stel word nie."

Genl Liebenberg bevestig eg[...] dat daar wel op die oomblik sa[...] sprekings gevoer word oor die [...] korporasie van terugkerende ui[...] wekenes in die weermag en dat [...] sonderhede hieromtrent bekend [...] maak sal word sodra die onderw[...] by die veelpartyberaad onder [...] spreking kom.

Die ECC stel dit in 'n persvry[...] ling duidelik dat die organisasie [...] sal ontbind, mits daar sekerheid [...] reik is dat alle verpligte oproep[...] geskaf is. "Ons sal die situasie [...] nog 'n ruk monitor - spesifiek [...] verdere vervolgings onder die di[...] pligwetgewing, wat veral on[...] vaarbaar sal wees sedert verpl[...] diensplig vir blankes afgeskaf [...] het mnr De Villiers gesê.

*A personal message from the laboratory manager*

Use this voucher and get a

**20 % DISCOUNT**

on any enlargement size 150 x 200, 200 x 250 or 200 x 300 mm
Voucher must accompany your order

**Fotofast**
Trust Bank Centre, Stellenbosch Tel: 883 3435
Pick 'n Pay Centre, Paarl Tel: 2 4454

Valid until 30 November 1993

Benodig jy 'n

● KNALDEMPER ● BAND
● SKOKBREKER ● TREKSTANG

*MOENIE*

*KOOP VOORDAT JY NIE MET BAREND OF TREVOR GESELS HET BY KWIKFIT NIE, WANT ONS KWALITEIT EN PRYSE IS ONVERBETERLIK*

SKAKEL NOU BY 72766
OF NA 26/09/93 882757
OF 88-6829

Kwik-Fit

# Min Abé 'n Bok vir sport

**MNR Abé Williams, Minister van Sport, is 'n sportleier, -speler en -administrateur van formaat. Hy het 'n besondere verbintenis met sport en die werk wat hy reeds op sportgebied in Suid-Afrika en vir Suid-Afrika vermag het, getuig van sy intense betrokkenheid. PIPPA SCHOEMAN het met hom gaan gesels oor al sy werksaamhede.**

**Wat is u verbintenis met sport? Waar het dit begin en hoe het die pad daarvandaan geloop?**

My verbintenis met sport kom van my skooldae af aan die Weskus. Ek was ook betrokke by die Tigers Rugbyklub op Saldanha, Weskusskole-unie, kaptein van die Swartland-rugbyspan en ook voorsitter van die Swartland Rugby-unie, Rugby-federasie. Die integrasie van die Cravenweek en die 1981-Springboktoer na Nieu-Zeeland was seker die hoogtepunte.

**U is Minister van Sport. In breë trekke wat behels u portefeulje?**

Ek is daar vir die sportbeleid van die Departement Sport. Ek kyk onder andere na die bestuur en hantering van die begroting, vooruitbeplanning en kommunikasie. Ons is nou in die beginstadium van die nuwe dinamiek in Suid-Afrikaanse sport, die terugkeer na die internasionale sportwêreld, die hantering daarvan, die skep van geleenthede vir agtergeblewe gemeenskappe, die bekendstelling van sport aan die mense en die genot daarvan.

**Vind u dit nie somtyds moeilik in Suid-Afrika en in die buiteland deurdat daar, vanweë die spesifieke portefeulje vir sport, outomaties 'n politieke konnotasie aan Suid-Afrikaanse sport geheg word?**

Ek dink dat sport vroeër baie gepolitiseerd was, maar sport word toenemend as 'n sosiale deel van die lewe gesien. Politiek speel nie meer so 'n belangrike rol nie. In ons geval was politiek miskien te veel deel van ons sportbestel. Gelukkig het ek 'n groot liefde vir sport en verstaan ek die kultuur daarvan.

**Hoe lank is u al Minister van Sport?**

Vanaf April 1993.

**Wat is die moeilikste probleme wat u al die afgelope tyd moes hanteer?**

Van die moelikste probleme is om te voldoen aan die behoeftes en die groot nood wat daar is vir die voorsiening van fassiliteite en finansies vir sportontwikkeling.

**Wat was vir u 'n hoogtepunt die tyd wat u al Minister van Sport is?**

Een van die grootste hoogtepunte was om vir Elana Meyer te kom ontmoet. Sy is 'n tonbeeld van 'n sporheld om te kan nastreef.

**U kiesafdeling is Mamre. Wat doen u om sport in u eie kiesafdeling te bevorder?**

Ek stel baie belang in my eie sportklubs. Ek was ook baie betrokke by die strukturering van Weskussport (skool- en seniorsport). Ek probeer steeds om sekere sportfunksies te ondersteun en betrokke te wees deur belang te stel in wat gebeur.

**Wat sal die implikasies van volgende jaar se verkiesing op u portefeulje wees?**



Dit gaan 'n uitdaging wees vir ons almal. Ek sal deelneem aan die verkiesing. Indien ek weer aangestel word as minister, sal ek dit sien as my taak om Suid-Afrika te help in die oorbruggingsfase. As ek nie is nie, sal ek as gewone LP my taak probeer volstaan. As gewone LP sal ek weer baie aandag aan my kiesers kan gee.

**Verwag u enige verdere groot veranderinge rakende ons sport in Suid-Afrika of voel u dat die grootste veranderinge op sportgebied reeds plaasgevind het?**

Ek dink ons gaan nog baie groot veranderinge ondervind in Suid-Afrikaanse sport. Die terugkeer na internasionale sport is nog maar net die begin van die proses. Daar moet nog 'n nuwe kultuur, groter geleenthede en betrokkenheid geskep word. Sport moet 'n groter deel van ons sosiale- en gemeenskapslewe uitmaak. Sport moet deel word van ons daaglikse patroon, kommunikasie en uitreikingsaksies. Ons moet elkeen net self stilstaan en die moeite doen om uit te reik na ander.

**Dink u dat al die groot bedrae geld wat jaarliks vir sportontwikkeling gaan, soos vir rugby, werklik aan sy doel beantwoord en vrugte afwerp?**

Gelukkig is daar sportsoorte soos rugby en krieket wat nie meer baie ondersteuning van die regering ontvang nie. Dit werp wel vrugte af, maar daar moet nog baie meer gedoen word. Die geld word goed gespandeer en is 'n advertensie vir ons land.

**Dink u Suid-Afrika is bevoeg ten opsigte van infrastruktuur, finansies en talle ander aspekte, om die Olimpiese Spele in 2004 te huisves?**

Gelukkig sal die huidige regering nie die besluit hoef te neem nie. Dit lê in die hande van die nuwe regering. Na my mening kan Suid-Afrika dit definitief nie op hierdie stadium bekostig nie. Die onkostes vir die infrastruktuur is te hoog vir só 'n kort tydperk. Ons sal dit weer kan gebruik, maar sal ons die koste kan verhaal? Ons het 'n langer tydperk nodig om die korrekte infrastruktuur te beplan en te skep. Ons gaan wel 'n ondersoek loods oor die finansiële implikasies wat die Olimpiese Spele op Suid-Afrika sal hê.

**Is u ten gunste daarvan dat Suid-Afrikaners op internasionale sportvlak steeds as Springbokke meeding?**

Op hierdie oomblik is dit 'n baie sensitiewe saak. Ek persoonlik is mál oor die Springbok. Ek het self die Springbok op my eie bors gedra tydens die rugbytoer van 1981 in Nieu-Zeeland. 'n Mens moet net onthou: al doen jy wat, die Suid-Afrikaners sal altyd op internasionale vlak as die Springbokke bekend staan. Die onderskeie sportsoorte moet ook die kans gegun word om hul eie keuses te maak. Ons moet dit versigtig hanteer en nie weer toelaat dat die sportlui in 'n politieke debat gedompel word nie.

**Wat is u mening oor die beoefening van sport, soos nou in die geval van die rugby in Australië, op Sondae?**

Dit is 'n beginselsaak en 'n persoonlike saak. Ons betree wêrelde waar die geloof nie dieselfde is nie. Dit is moeilik vir ons mense en ons moet kyk of ons nie deur beter beplanning van sporttoere en -programme ons sportlui en spelers kan akkommodeer en hul nie in die verleentheid stel nie. Dit gaan wel moeilik wees om almal tevrede te stel.

**U het 'n besondere vriendskap met Dok Craven gehad. Waar het dié jarelange vriendskap sy oorsprong gehad?**

Dok was seker maar elkeen se held, ook vir my reeds van my kinderdae af. Ek het vir Dok leer ken aan die administratiewe kant as sportleier. Dok se sienings was sy tyd ver vooruit. Ek het 'n besondere verhouding met Dok gehad. Dok Craven het altyd mens gebly. My hele lewe was verryk deur hom. Baie van wat ek vandag doen is nog geskoei op sy lees. Hy leef steeds tot 'n sekere mate in my voort.

**Wat dink u van Maties se sport?**

Matie-sport is fantasties. Dit moet net poog om meer uit te reik na die gemeenskap. Matie-sport moet kyk wat dit kan doen vir die hele Stellenbosch. Dit moet poog om 'n leier te word op die gebied van sportontwikkeling in die agtergeblewe gemeenskappe. Matieland se sport is van die beste en hoef dus niks meer te bewys nie, maar ek sal graag wil sien dat Maties wel daardie ekstra dimensie bykry.

**Konsulteer u somtyds in u besluite mnr Steve Tswete van die ANC, wat ook 'n sterk sportverbintenis het?**

Ek praat met hom, miskien op hierdie stadium nie genoeg nie. Ek konsulteer baie die nasionale sportliggame en mense aan die hoof van sport. Ek sal enige tyd vry voel om met hom te skakel.

**Indien u 'n boodskap kan oordra aan alle sportmanne en -vroue, wat sal dit wees?**

Geniet die sport. Maak dit 'n deel van jou totale lewe, maar ons moet dit gebruik om uit te reik na ander mense en ook probeer om ander wat nie die geleentheid gehad het nie, te betrek. Sport is 'n fantastiese medium om 'n nuwe Suid-Afrika te help bou en 'n nuwe visie te skep.

# Geweld oppie veld



**OP DIE KANTLYN**

**Laetitia van der Merwe**

VREDE is 'n woord wat die afgelope paar weke al taamlik rondgeslinger is. Selfs die SA sportmanne en -vroue het deurgeloop onder die kritiek oor aggressie op die veld.

Dit herinner my aan 'n voorval ná Intervarsity waar een van die prominente figure van UK sowel as die WP sy sentimente uitgespreek het oor die "over robust" spel van sekere Matie 1 rugbyspelers. Aan die einde van die dag het hy tot die gevolgtrekking gekom, indien hy dit kan verhelp, hulle nooit weer die gesogte Disa op die bors sal dra nie. Of dit die gevolg was van 'n 30-10 nederlaag en of dit 'n opregte passifistiese houding is, sal niemand weet nie. As laasgenoemde die geval is, is hy dalk die eerste rugby-beampte wat 'n nobelprys vir vrede sal ontvang!

Moenie my verkeerd verstaan nie, ek is nie besig om aggressie op die sportveld te regverdig of te ondersteun nie, maar terselfdertyd twyfel ek nogal of 'n blou strikkie die gepaste bykomstigheid op 'n rugbytrui sal wees.

Rugby was, is, en sal altyd 'n fisiese spel bly. Die goue reël moet nooit uit die oog verloor word nie: speel die bal en nie die man nie, maar as die man homself in die ongunstige posisie bevind om in die pad van die bal te kom, moet hy dit soos 'n rugbyspeler kan dra.

Uit die oogpunt van rugbykenners is daar twee primêre redes waarom aggressie op die veld voorkom. Iewers is iemand wat nie hulle werk doen nie - òf die skeidsregter, òf die kapteine.

Kom ons verloor die naïwiteit waarin baie mense soveel sekuriteit vind. Rugby op hierdie vlak word gespeel juis om te wen. Soos die WP-ondersteuners so goed geleer het hierdie seisoen: "It doesn't matter if you win or lose, until you lose!"

Die fokus oor aggressie kan miskien vir 'n verandering verskuif word vanaf die sportveld - kyk gerus bietjie na die "onderdrukte aggressie" van die SR wat die afgelope ruk so sterk na vore gekom het.

Laat en verlaat die rugbyveld in vrede!!

## Valskermspronge vir waaghalse

DIE US Valskermklub het geen bekendstelling onder studente nodig nie. Die Klub is geleë by die Stellenbosch Vliegveld en bied kursusse elke Vrydagaand om ses-uur aan.

Die koste van die kursus beloop as volg: eerste sprongkursus - R220 vir studente en R270 vir personeel. Die pryse sluit alle nodige toerusting in onder andere 'n oorpak, 'n valhelm, 'n hoof-valskerm en 'n nood-valskerm. Die kursus dek alles wat jy moet weet om een veilige statiese lyn valskermsprong te voltooi.

Instruksies vir landing word deur bekwame grondpersoneel deur middel van 'n groot rooi pyl beheer. Na die landing word daar na die Klubhuis teruggekeer waar jou logboek en Eerste sprong-sertifikaat aan jou oorhandig word.

Navrae oor die kursusse kan gerig word aan Thorton Brett by tel 774100 of Morné van Dalen by tel 74280.

**DISCOUNT PICTURE FRAMERS**

Offers a special student discount on all your framing requirements. This months discounts on cover blockmount, glass 'n clips and any framed certificate or photograph

*Further 10 % discount if student cards is shown or this add is presented*

Doors open from 08:30 – 18:30

DISCOUNT PICTURE FRAMERS

TEL. (02231) 76697 FOR FREE QUOTE

63 BIRD ST., NEXT TO STAX VIDEO CLUB

**GESOEK: AU PAIR, DUITSLAND:**

Suid-Afrikaanse gesin in Frankfurt soek 'n Afrikaanssprekende jong meisie, minstens 20 jaar oud en met 'n basiese spreekkennis van duits, om vir hulle te werk vanaf **Januarie 1994.** Stuur skriftelike aansoeke, met vermelding van volledige persoonlike besonderhede en 'n onlangse foto, aan:

**Mev. A. Schoombie,**
**Südafrikanisches Generalkonsulat,**
**Ulmenstrasse 38 – 39,**
**60325 Frankfurt-am-main**
**Duitsland**

**DR. BIKE** THE MOTORCYCLE SPECIALISTS

135 BIRD STR. STELLENBOSCH

TEL. 5318 na 26/03/99 Tel. 88-5318

REPAIRS – SERVICING
TUNE-UPS –
SPARES –
BIKE
ACCESORIES

**Weet jy van iets wat in Die Matie kan verskyn? Skakel ons dan by tel 88 5979**

**14 000 SPANDABELRIGE STUDENTE**

**OM TE ADVERTEER IN Die Matie**

● SKAKEL (021) 8865979 ● NICOLA 8866425 ● LOUIS 8874079 ●



**LOUIS DU PREEZ**

VOORSITTER

**"Hier kom 'n ding."**



**DANIE DU TOIT**

ONDERVOORSITTER, KERS, AKADEMIESE BELANGE

**"Ek glo elke mens moet die geleentheid gegun word om sy eie ideale te verwesenlik."**



**ILSÉ ERASMUS**

SEKRETARIS, INTERVARSITY

**"As 'n mens van jou besittings gee, gee jy maar min - dit is eers wanneer jy van jouself gee, dat jy wérklik gee."**



**LUKE McKEND**

LEIERSKAPS-ONTWIKKELING, SPOG

**"Luke-like philosophy: An unexamined life is not worth living - some old greek person."**



VERENIGINGS, KLERE EN EREKLEURE

**"If not, why not?"**



**DIRK HOFFMANN**

EKOSORG, TESOURIER

**"Ek deel Milan Kundera se filosofie van die lewe: 'The heavier the burden, the closer our lives come to the earth, the more real and truthful they become.'"**



**STEPHAN CLAASSEN**

LSS, SR-TOER

**"Die lewe is te ernstig; mense moet kan lag en redeneer tegelyk."**

# SR



**WICUS PRETORIUS**

MEDIA, KULTUUR

**"Ek het nie 'n lewensuitkyk nie - net 'n lewenservaring en hierdie een is 'n beker wat oorloop."**



**CAROL JOHNSON**

OPENBARE SKAKELING, SOSIUS

**"It's no use being on the right track if you're going in the wrong direction."**



**WILNA ZAAIMAN**

INTERNE SKAKELING, SPORT

**"Ek streef na vriendelikheid en verdraagsaamheid in myself, in alle mense en op alle terreine."**



**PIETER EKSTEEN**

BEMARKING

**"Dit is lekker om 'n mens te wees - jy moet net 'n lekker mens wees."**



**JAN VAN ZYL**

STUDENTE-BELANGE, USKOR

**"Moenie kla nie, daar is altyd iemand met wie dit slegter gaan."**



**SAM WALBRUGH**

VROUEKOSHUISE

**"... when people have light in themselves, it will shine out from them. Then we get to know each other as we walk together in the darkness, without needing to pass our hands over each other's faces, or to intrude into each other's hearts."**

**DAWIE SLABBERT**

TSR, BLOEDDIENS

**"Carpé diem!...gryp die dag."**



**CHRIS DU RAAN**

MANSKOSHUISE

**"Not enjoyment and not sorrow is our destined end of way. But to act, that each tomorrow find us farther than today."**

**SR**

Minister Abé gesels p9

# matie sport

Speelveld 'n Slagveld? p9

Donderdag 23 September 1993

# Willows is weer kampioene

Deur Neels Momberg

WILGENHOF het skoonskip gemaak toe hulle Dagbreek verlede Vrydag met 4-2 in die semester-finaal geklop het. Dié oorwinning beteken dat Wilgenhof outomaties as Sauer-kampioene gekroon is.

In 'n tipiese klipharde finaal waar geen genade gevra of getoon is nie, het die Wittruie aanvanklik die toon aangegee en verskeie aanvalle op die Dagbreekkantlyn geloods.

Goeie balbesit is in die lynstane verkry deur Bakker Henning en veral Jan Hoon. Dagbreek was effe beter daaraan toe in die skrums, maar het nie altyd die voordeel ten volle benut nie.

Halfpad deur die eerste periode het Wilgenhof se Malan Erasmus die doellyn oorgesteek, maar die skeidsregter, mnr Andy Turner, het dit nie toegeken nie. Hy was van mening dat daar vroeër in die beweging 'n hoogvat op 'n Dagbreker uitgevoer is. Die telling met rustyd was 2-0 danksy 'n puik strafskop deur die Willows losskakel, Andrew Teubes.

Kort na rustyd het Dagbreek gelyk getrek na 'n lang strafskop deur Merwe Schwartz (senter). Dit het die inwoners van John Murray-huis moed laat skep en 'n paar goeie strooptogte is op die Wilgenhofdoellyn uitgevoer.



Die span van Wilgenhof na hul oorwinning van die eerste semester-finaal.

Veral Schwartz het 'n paar keer bitter gevaarlik gelyk in die middelveld, maar die verdediging het keer op keer gehou. Hy het ook 'n paar keer net-net met pogings na die pale misluk.

Nog 'n strafskop deur Teubus was egter goed genoeg om Wilgenhof die pyp te laat rook. Die laaste kwartier was gekenmerk deur desperate aanvalle van Dagbreek, maar foute en nog puik verdediging het veroorsaak dat Wilgenhof as kampioene vir 1993 gekroon is.

Die oorwinning was welverdiend, veral as in ag geneem word dat Wilgenhof deurgaans probeer het om die bal wyd te speel. Hierdie benadering het vrugte afgewerp, terwyl Dagbreek se pogings om met snye in die middelveld oor die voordeellyn te kom minder geslaagd was.

Omdat Wilgenhof reeds na die jaareindfinaal deurgedring het na hul oorwinning in die eerste semester, sal daar geen eindstryd om die Sauerbeker wees nie. Dié beker is dus outomaties aan Wilgenhof toegeken na hul sege oor Dagbreek. Dit is reeds die tweede keer in drie jaar wat die beker sy tuiste in Willows-geledere bevind.

# Krieketseisoen begin goed vir US

Deur Neels Momberg

DIE US se Eerste Krieketspan het die seisoen op 'n hoogtepunt begin toe Kaapstad Krieketklub met 106 lopies in 'n vriendskaplike wedstryd op Coetzenburg geklop is. Die wedstryd was ter voorbereiding vir die Nasionale Klubkampioenskappe wat aanstaande week in Johannesburg begin.

'n Paar voorseisoense terugslae het die Maties getref. Haldane Murray het sy studies gestaak, Jaco Burger is gekies vir 'n oorsese rugbytoer, Craig is beseer, Mike Bayley het afgestudeer en na Kaapstad verhuis, terwyl Louis Bojé in Italië rugby speel.

Ligpunte is die terugkeer van Adrian Holdstock en Jodie Myers ná 'n seisoen in die WP. Holdstock is 'n puik veelsydige speler, terwyl Myers 'n paaltjiewagter en kolwer van hoogstaande gehalte is wat Burger se plek goed sal kan volstaan.

Andrew Wylie is as kaptein aangewys in Murray se plek. Wylie, wat verlede seisoen die voorste kolwer in die Boland klubkrieket was, is 'n gewilde keuse en het heelwat ervaring van leierskap op die krieketveld.

Teen Kaapstad het Wylie die loot verloor en is ingestuur op 'n moeilike blad. Na 'n paar vinnige terugslae is gekonsolideer om 'n skaflike 193/6 aan te teken. Robbie Delrymple (56) en Wiaan Smit (30 nun) het die beste gevaar.

Die besoekende kolwers het uit die staanspoor gesukkel teen akkurate boulwerk en is vir 89 lopies uitgeboender. Wiaan Smit het die beste gevaar met 4/34 in tien beurte. Jan Dawid Luttig het sy debuut in die eerstespan gevier met 'n briljante ontleding van 7.5/5/7/2.



Dr Gerrit Pool



Mnr Nelie Smit

# Die gras is groener in die Vrystaat

Deur Pippa Schoeman

DOK Pool en oom Nelie, soos dié befaamde afrigtersduo van Maties bekend staan, het die statistieke van 1992-Matie rugby fenomenaal herskryf.

Die ongelukkige einde van die storie is dat die kameraderie verbreek word wanneer mnr Nelie Smit in 1994 as afrigter van Vrystaat in die saal sal klim. Sy hoofafrigterskap van Maties Rugbyklub word opgevolg deur dr Gerrit Pool.

Almal het geweet dit sal slegs 'n kwessie van tyd wees voor een van dié twee begaafde afrigters na provinsiale vlak opgetrek sal word. Die aangewese opsie was WP, maar nadat die pos as afrigter in 'n plaaslike koerant geadverteer is, het mnr Nelie Smit eerder op 'n aanbieding van die Vrystaat besluit.

Vrystaat was reeds vantevore onder sy leiding, waartydens hul onder andere die Curriebeker in 1976 gewen het. Een van die groot aantrekkingskragte vir mnr Smit is die feit dat Vrystaatrugby in 1995 sy eeufees vier en hy dit graag vir hulle 'n besonderse rugbyjaar wil maak.

Vir dr Pool lê daar 'n harde en moeilike taak voor om die spelgehalte van vanjaar aanstaande jaar vol te hou. Maar aan sy bevoegdheid om dit wél te doen word geensins getwyfel nie.

Dr Pool het ondervinding van die spel, as speler en as afrigter. Hy het vir die destydse Suidwes-Afrika gespeel en ook later vir 'n paar jaar afgerig. Hy het verder ondervinding van afrigting in oorsese lande. Hy het tydens sy studies in Duitsland by twee geleenthede die Duitse nasionale span afgerig, asook 'n Italiaanse klubspan gedurende die 1991/1992-seisoen.

Matie-rugby sal steeds volgende jaar onder die sterk hand van dissipline van dok Pool kan gedy, want dissipline is vir hom een van die belangrikste aspekte in die kweek van 'n wenspan.

# Rugbymuseum open deure

Deur Laurika Laubscher

IN die annale van die Universiteit van Stellenbosch se geskiedenis, en spesifiek rugby, is daar twee persone wie se verbintenis met die Universiteit en hulle dade op en van die veld, legendariese afmetings aanneem. Hierdie twee persone is mnr A.F. Markötter en dr D.H. Craven. Die name Markötter en Craven is sinoniem met Matiesport en oor hulldade is wyd gepubliseer.

Die Raad van die Universiteit het op 22 Junie 1992 besluit om die nalatenskap van mnr Markötter en dr Craven op gepaste wyse te eer en vir die nageslag te bewaar. Om dit te bereik het hulle die stigting van 'n Markötter/Craven Rugbymuseum in die Jannie Maraishuis op Coetzenburg, wat ook die hoofkwartier van die Universiteit se sportklub is, voorgestel.

Die Markötter/Craven Rugbymuseum is op 14 Augustus 1993 voor die jaarlikse rugby-intervasity teen die Universiteit van Kaapstad, deur die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof A.H. van Wyk, amptelik geopen.

August Friedrich Markötter, of te wel "Oubaas Mark", was die man wat Stellenbosch se Rugbyvoetbalklub met 'n ysterhand regeer het, maar sy lewe aan die spel rugby en die spelers op Stellenbosch gewy het. Rugby in Suid-Afrika en Stellenbosch het sentraal in sy lewe gestaan en alles het daarom gestalte gevind.

"Oubaas Mark" is 'n legende wat geglo het in sy oortuigings en dit tot voordeel van Stellenbosch en Suid-Afrika deurgevoer het.



DR D.H. CRAVEN



MR A.F. MARKÖTTER

Daniël Hartman Craven is op 11 Oktober 1910 in die distrik Lindley gebore. Hy het aan die Hoërskool Lindley gematrikuleer, waarna hy drie grade aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het.

Nadat hy verskeie ampte in Suid-Afrika, sowel as oorsee beklee het, word hy in 1947 professor en hoof van die Departement Liggaamlike Opvoeding aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy het tot met sy aftrede in 1975 in die pos gedien. Van sy aftrede tot aan die einde van 19[illegible] was hy direkteur van Sport en Ontspanning aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy het daarna tot Desember 1984 as direkteur van die Sportinstituut aan die Universiteit van Stellenbosch gedien.

Dok Craven het Suid-Afrika in 1931-'32 verteenwoordig toe hy saam met Bennie Ossler se span in Brittanje getoer het - as lid van die span het hy Springbokkleure voor WP-kleure verwerf. Tussen 1931 en 19[illegible] het hy in 16 toetse gespeel en in vier van hulle was hy kaptein.

In 1956 het hy president van die SA Rugbyraad geword en het Suid-Afrika sedert 1957 in die Internasionale Rugbyraad verteenwoordig.

Vir spelers wat deur die jare ure, dae en weke met hom gedeel het, was hy 'n besondere voorbeeld. Sy toewyding, entoesiasme, liefde en werkvemoë vir die spel het geen grense geken nie. Hy het werklik 'n passie vir die spel gehad.

Sy rugbykennis en insig kan net op een manier beskryf word: verstommend. Sy dood was vir rugby 'n enorme verlies. As mens was Dok vir sy spelers soos 'n vader. Dit wat hy gehad het in die vorm van kennis, entoesiasme, geld, wat ook, het hy altyd uitgedeel. Dok Craven sal nog lank by elkeen van ons in herinnering bly.